basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Voorgeskrewe gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: ongeveer 40 minute
AFDELING B: ongeveer 55 minute
AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. " 'n brief van hulle vakansie" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Versagtende omstandighede" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Nog in my laaste woorde" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. "oupa Thomas Daniel Granfield" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Pleitskrif van die aarde" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 18 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 18 |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 27 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 27 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

### VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach**

vir oubaas:

Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê;

noudat ek agter 'n baard kou kan ek huil
as hulle snags my naam fluister met die ruite
donker knippende oë in die wind, oor die visolie
vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak

In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in 'n kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

want hys 'n bokser dokter boer
'n kaptein en 'n held 'n indoena tussen grysaards –
En as die reën soos 'n gesluierde bruid oor die see kom
word die lieflinghond (Trixie) lam;

drie dae veg die veearts en buig dan die knie
en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier
die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
'n soenoffer in die diep grond se skoot

want nou is hulle minnaars
stil bome in die najaar met die wind
strelende drome in die takke
onder komete leeftye lang wêrelde

My ooms sterf soos kapok in die son
hartaanval beroerte kanker en tering
en my pa word stiller en meer verskriklik
van dop tot dop

Hier waar die harde winters en nat somers
my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
die soet hart van my moeder
my pa se stil en bitter krag

[Bron: *die ysterkoei moet sweet*, 1964]

In die gedig, " 'n brief van hulle vakansie", dink die spreker na oor sy ouers se aftakeling as gevolg van ouderdom.

Bespreek dié stelling in 'n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Versagtende omstandighede – Peter Snyders**

Oe Here, ek hoor dis soe wonnerlik
innie hiemel,
maa Here, vergiewe,
die hiemel issie my soort liewe,
ek hou van sing en harpmusiek
maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.

En Here, dit sal hel vi my wies
om met niks-doen myself elke dag te vervies;
en sover dit die goudstrate
en pearly-gates betref,
wat baat dit?
Klip en teer is veels meer werd.

Maa Here, hou my baas asseblief tog daa
want waa hy nie kan exploit nie
is hy tog te naar;
en hou hom dop want sonner om te aarsel
sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.

Ja, Here, ekket my foutjies oek
en waar amil perfek is
sal ek heeldag vloek,
want volle perfection en contentment
sal my torture tot binne-in my fonnement.

En dan boenop hoor ek
seks is yt –
soe stuur my aire hel toe
of waar ek my talent kan gebryk.

En as ek te goed is
om gebraai te word
laat my lieweste trug kom, Lord

as kunstenaar na 'n land
in 'n historiese tyd –
soes Suid-Afrika,
waar ek kan teer
op 'n tesamebeleid.

En tussen die revolutions
(hou my aanie underdog se kant)
sorg dat ek by Florrie
(vroeër mevrou Soetwater)
voorit te laat is, beland.

Laat my dan liewer hier
oppie aarde ly
as om vir iewag in u
grafstienhiemel te bly.

[Bron: *'n Waarskynlike mens*, 1992]

2.1 Wie is aan die woord in hierdie gedig? Waarom is dié persoon as spreker in hierdie gedig geloofwaardig? (2)

2.2 Gee die ironie in versreël 3–4 in jou eie woorde. (1)

2.3 Benoem die stylfiguur in versreël 7 en gee TWEE redes vir die mening wat die spreker in versreël 7 huldig. (3)

2.4 Wat is die verband tussen "historiese tyd" (versreël 31) en "tesamebeleid" (versreël 34)? (1)

2.5 Wat is die funksie van die parentese in versreël 36? (1)

2.6 Waarom kan die gediginhoud as satiries beskou word? Sluit dié satire by die gedigtitel aan? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Nog in my laaste woorde – NP van Wyk Louw**

Nog in my laaste woorde sal jy wees,
nog in die laaste skeemring van my dink
en weet, as ek alleen in die bitter vrees
van sterwe lê, en al die mindre sink
in my deur vaal vergetelheid: veel haat,
veel liefde wat kon waag om min te vra,
ure wat rus geken't, of blote daad,
en nie die teken van jou onrus dra,
o jy wat vlam was: skoon en sterk en blind
vir smart; wat alles tot jou beeltnis brand;
wat áls kon eis en nooit volkome vind
versadiging! Dán weet ek het jou hand
my jeug se oopgelate kring voltooi:
mooi is die lewe en die dood is mooi.

[Bron: *Die halwe kring:* 1937]

3.1 Met wie voer die ek-spreker hier 'n gesprek? (1)

3.2 "as ek alleen in die bitter vrees van sterwe lê" (versreël 3–4)

Wat beteken dié woorde in die konteks van die gedig? (1)

3.3 Herlees versreël 4–5.

Wat is vir die spreker van "mindre" belang? Stem jy met die spreker se uitspraak daaroor saam? Motiveer jou antwoord. (2)

3.4 Benoem die beeldspraak in versreël 9. Waarom is dié beeld gepas? (2)

3.5 Wat is die funksie van die alliterasie in versreël 11–12? (1)

3.6 Herlees versreël 12–14.

Waarna verwys "Dán"? Tot watter gevolgtrekking kom die spreker in die slotreël? Dink jy die inversie in die slotreël ondersteun dié gevolgtrekking? Motiveer jou antwoord. (3)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**oupa Thomas Daniel Granfield – Ronelda S Kamfer**

1.

dis vandag my oupa Thomas
se verjaardag
dit sou gewees
het
hy is dood
toe ek in matriek was
dit is al wat ek regtig van
matriek kan onthou

die oggend toe die telefoon lui
het my ma nie kom sê nie
sy en my pa het opgestaan
en is weg hospitaal toe

al die grootmense my oupa se kinders en hulle
mans en vroue is hospitaal toe

ek wou saamgaan
ek wou net my oupa
belowe dat ek okay sou wees
dat ek eendag 'n boek gaan skryf
en hom nooit sal vergeet nie en
dat ek die liefste vir hom was

my ma het 'n paar uur later
gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak
sy het niks gesê van my oupa nie
haar woorde het soos vlermuise oor my gevlieg

ek het gewag vir iets
vir Pappa is dood
of dis verby of hy's oorlede
maar sy't aanhou praat oor kos
toe ek haar uiteindelik stop en vra
het die vlermuise aanhou vlieg

"ja, vroeg vi-oggend"

2.

die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie
maar
dat die aarde aanhou draai het
dat ek aanhou leef het
dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is
dat ek kon slaap en wakker word
matriek slaag en aan 'n toekoms dink
die ergste van alles was dat ek alles kon doen wat
ek moes doen
en al wat ek regtig wou doen was om te huil
ek wou dae aaneen huil
ek wou sy leeftyd uithuil
ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees
ek wou huil oor die onregverdigheid
en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my

[Bron: *grond/Santekraam*, 2009]

4.1 Wat is ongewoon in hierdie titel? (1)

4.2 Benoem die beeldspraak in versreël 24 en in versreël 30. Hoekom is die beeld in versreël 30 funksioneel? Motiveer jou antwoord. (3)

4.3 Wat is die funksie van die herhaling van "ek" in versreël 42–45? (1)

4.4 Watter stemming oorheers in die gedig? (1)

4.5 Dink jy die "onregverdigheid" in versreël 45 is 'n universele probleem? Motiveer jou antwoord. Watter les kan die leser oor dié "onregverdigheid" leer na aanleiding van die gedig? (2)

4.6 Verwys na versreël 1–31 en 32–47.

Hoe verskil die twee dele ten opsigte van uiterlike bou en inhoud? (2)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Pleitskrif vir die aarde – Fanie Viljoen**

Begrawe ons woonplek onder berge bottels.
Bederf ons drinkplek met drywende plastiek.
Besoedel ons suurstof met 'n rookkombers.

Wat maak dit saak?

Kap jou bome.
Mors jou olie.
Stort jou gif.

Wat maak dit saak?

Rommel word mos altyd
weggevat
weggewaai
weggespoel.

Vergeet daarvan.

Totdat jy eendag, soos die aarde nou,
stik van hitte,
bid vir reën
smeek vir genade
onder jou ashoop van weggooigoed.

[Bron: *Vonk@verse 1*]

5.1 Benoem die klankeffek/halfrym in versreël 1 en gee die funksie daarvan in hierdie spesifieke versreël. (2)

5.2 Benoem die beeldspraak in versreël 3. (1)

5.3 Benoem die soort vraag in versreël 4 en sê wat die funksie van die alleenplasing van dié versreël is. (2)

5.4 Die tipografie van versreël 9–12 sluit by die gediginhoud aan.

Gee 'n rede vir dié stelling. (1)

5.5 Wie is die "jy" in die laaste strofe? Watter stemming skep die spreker in dié versreëls? Dink jy die spreker se waarneming in versreël 15–17 oor wat met die aarde gebeur, is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (3)

5.6 Watter boodskap dra die spreker met hierdie gedig aan die leser oor? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

In die roman *Die kwart-voor-sewe-lelie* beleef Iris konflik as gevolg van haar interaksie met ander mense.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Peter het verkies om te swyg.

"Jy hoor wel van my," het Joe gesê, aan sy voorkop geraak en vertrek. Ek was eintlik spyt, want sonder sy weerligafleidende effek was ek uitgelewer aan hierdie vreemdeling met wie ek veronderstel was om 'n kamer te deel.

"Hoe gaan dit met jou studie?" het ek beleef gevra.

"Goed."

"Is jy amper klaar?"

"In Mei."

"O. En dan?"

"Dan gaan ek huis toe."

Ek het sy leë koppie gevat en dit in die badkamer uitgespoel. "Die mense hou nie eintlik van ons nie," het ek gesê toe ek terugkom. "Van Suid-Afrikaners."

"Nee," het hy saamgestem. "Nie eintlik nie."

"Hy's moeg," het die Engel skielik agter my gesê.

Ek het soos gewoonlik omgedraai al het ek geweet daar gaan niks te siene wees nie.

"Wat is dit nou?" het Peter gevra en oor sy gesig gevryf.

"Niks nie. Ek dag ek hoor ... Jy's seker moeg?"

"Nogal. Ek het heelnag op die lughawe gesit omdat hulle gesê het daar's 'n kans dat die vliegtuig gisteraand al sou vertrek."

"Dan wil jy seker nou slaap?"

Hy het op die rand van die bed gaan sit. "Tensy jy iets anders beplan het."

"Ek wou gaan eet het. Daar's 'n plek net 'n paar tree van hier." ...

"Maak my wakker wanneer jy terugkom," het hy gesê en lankuit oor die bed geval. Sy kaal rug het my week gemaak en ek het skielik onthou waarom ek altyd antwoord op sy roepstem. "En moet om hemelsnaam nie met vreemde mense praat nie."

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

7.1 In watter ruimte bevind Iris haar in TEKS A? (1)

7.2 Watter karaktereienskap van Peter kan ons aflei uit die gebeure wat TEKS A onmiddellik voorafgaan? (1)

7.3 Watter bydrae lewer Joe tot Iris se lewensfilosofie? Wat is Peter se reaksie op dié bydrae? (2)

7.4 Noem TWEE afleidings wat jy oor die verhouding tussen Peter en Iris na aanleiding van hulle gesprek in reël 5–10 kan maak. (2)

7.5 Iris en haar gesin behandel alle rasse gelyk.

Motiveer dié stelling met DRIE voorbeelde uit die roman. (3)

7.6 Watter rol van die Engel kom in reël 15 na vore? Noem nog TWEE rolle wat die Engel in Iris se lewe vervul. Dink jy die Engel se optrede in reël 15 sluit by die motto van die roman aan? Motiveer jou antwoord. (4)

7.7 Gehoorsaam Iris Peter se versoek in reël 27–28 net nadat die gesprek plaasgevind het? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS B**

"Wie's Bettie?" het sy gevra. "Hoekom het sy gif gedrink? Met watter soort mense is jy deurmekaar?" Sonder om haar hand oor die mondstuk te hou, kon ek hoor hoe sy my storie aan iemand herhaal. "Wie's daar?" het ek gevra.

"Elsa-hulle. Ons het nou net van die tafel af opgestaan. Pa lê 'n bietjie." Dit was 'n onbevredigende gesprek. Behalwe dat ek vir haar gesê het dis 'n goeie plan, kon ons nie eintlik iets bereik nie. Ek het die gehoorstuk neergesit, my gesig na die muur gedraai en aangekondig dat ek wou slaap. Peter en die verpleegster is saam daar uit.

Die dokter, wat langs my op die bed gesit en gesels het, het voorgestel dat ek ten minste 'n dag of twee in die hospitaal bly. Vir die wis en die onwis. Ek het nie omgegee nie, want vir die rit bergop na die houthuis het ek nog nie kans gesien nie. Bettie, Brian en die kinders het in die namiddag kom kuier en die kinders was geïnteresseerd in my harde wit been, tot een van die dokter se kinders verby die venster gebrom het met 'n batteryaangedrewe speelgoedmotortjie. Daarna is hulle saam uit om te speel.

Dit was 'n pragtige dag, kon ek deur die venster sien. Die son het geskyn op die wit landskap en die yskegels bokant my venster het druppend en deursigtig op die vensterbank gesmelt. Die blonde verpleegster het my oorskietbrood op die vensterbank gesprinkel sodat ek kon lê en kyk hoe die voëltjies dit verorber.

7.8 Wat is die rol van die newekarakter, Bettie, in die roman? (1)

7.9 Watter soort verteller is in reël 1–4 aan die woord? Wat is sy/haar funksie hier? (2)

7.10 Herlees die onderstreepte woorde in reël 6–7.

Watter afleiding maak jy oor Iris en haar ma se verhouding? Gee nog TWEE ander voorbeelde uit die roman wat hierby aansluit. (3)

7.11 Hoe verskil Iris se gemoedstoestand in reël 7–9 in TEKS B van haar gemoedstoestand in TEKS A? Wat is die rede vir die veranderde gemoedstoestand in TEKS B? (2)

7.12 Dink jy Iris se besoek aan Vermont het 'n positiewe invloed op haar verhouding met Peter? Motiveer jou antwoord met DRIE redes. (3)
**[25]**

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

In die roman *Manaka Plek van die Horings* ervaar Baas innerlike konflik as gevolg van sy interaksie met ander mense op Manaka.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Die drome oor sy ma en pa wil hom nie los nie. Hy onthou sy gesprek met Mart kort voor sy vertrek.

"Jy moenie dat hierdie dinge jou vang nie, my ou neef," het sy gewaarsku toe hy nie sy ma se Bybel wat sy vir hom gebêre het, wou saamneem nie.

"Ek het mos oupagrootjie se Bybel," het hy gesê en die Bybel agter haar op die kombuistafel neergesit.

Sy wou nie kopgee nie. "Dis nie goed wat in 'n mens se klere bly sit nie, Baas. Moenie maak of dit nie bestaan nie. Dit is meer as twintig jaar sommer net so weg. Miskien die beste jare van enige mens se lewe ... Jou pa en ma, die plaas wat jy verloor het, die beeste. Jy het baie verander, Baas. Jy het nie eens vir Ngwako in die hospitaal gaan kuier nie. Hy het na jou gevra toe ons hom gesê het jy is hier."

Hy het nie vir Ngwako gaan kuier nie. Hy het na die murasies op die plaas gaan kyk om weer te luister na die borrel van die bosloerie in die plantasie en die skopsuiltjie ...

Al waaroor hy tóé jammer was, was dat hy nie sy pa en ma uit die land gevat het ná die eerste aanval op die plaas nie. Tog het hy geweet hy sou sy pa nooit van sy kliniek af kon wegkry nie. "Die ding wat jou pa oor sy kliniek gehad het, is 'n ding wat in die Chipmans se bloed loop," het Mart hom herinner.

9.1 Op Manaka het Baas, net soos in reël 1, oor sy ma gedroom. Watter droom oor sy ma sluit by die godsdienstema aan? (1)

9.2 Herlees reël 3–6.

Wat is die eintlike rede vir Baas se weiering om sy ma se Bybel saam met hom Manaka toe te neem? Op watter manier was dié Bybel tóg op Manaka belangrik? (2)

9.3 Baas gee later in die roman sy oupagrootjie se Bybel weg.

Vir wie gee hy die Bybel? Wat is Baas se motivering vir dié daad? Dink jy dit was vir Baas maklik om van sy oupagrootjie se Bybel afstand te doen? Motiveer jou antwoord. (3)

9.4 In die onderstreepte sinne in reël 10–11 beskuldig Mart vir Baas daarvan dat hy verander het en sy noem 'n voorbeeld van dié verandering.

Gee TWEE ander voorbeelde van sy verandering en gee ook die rede vir hierdie verandering. (3)

9.5 Gee TWEE redes waarom die gebruik van die alomteenwoordige verteller in reël 13–17 effektief is. (2)

9.6 Herlees reël 18–19.

9.6.1 Wie gebruik op Manaka soortgelyke woorde met betrekking tot Baas se oupagrootjie? Op watter wyse bevestig dié persoon se eie dade dat dieselfde Chipman-"ding" in sy bloed "loop"? (2)

9.6.2 Dink jy Baas aard na sy pa? Motiveer jou antwoord met DRIE bewyse. (3)

**EN**

**TEKS D**

Laatmiddag kry hulle Nanna en ouma Essie by die Land Rover. Hulle het die Land Rover herken en stilgehou. Hulle is op pad van Ngweze af terug na Manaka toe. Griesel is nie by hulle nie. Hy het siek geword, sê Nanna. Hy is in die hospitaal. Dit is malaria. Hy is baie moedeloos. Sy het oom Scholtzie gebel om vir hom te sê. Hy sê hy kom so gou moontlik. Daar is ook goed wat hy vir hulle moet bring.

Ouma Essie klim nie uit die Datsun om hulle te groet nie. Sy voel nie lekker nie. "Dit is my kop," sê sy.

Grace sê nie vir hulle die dekgras en die hoop balke en al Nanna-hulle se besittings het uitgebrand nie. Sy sê net die boot is weg.

Ouma Essie kyk na Baas. Haar oë huil. Sy gee vir hom 'n brief wat in Mubuyu se possak was. Hy gaan eenkant toe om dit te lees. Dit is van Baas Dennis, sy neef in die Houtboschberg. Die reisagente is mal oor die idee van 'n toerboot op die Zambezi, skryf hy. Hulle beplan wêreldwye bemarking. *Wanneer kom jy dan weer 'n skoot kuier?* sluit neef Baas die brief af. Baas loop teen die rant uit en gaan sit op 'n klip.

"Ons moenie dat Nanna en my ouma alleen op Manaka aankom nie," sê Grace langs hom.

Hy antwoord nie.

"Ek kan saam met hulle ry as jy en meneer Johnnie eers verder wil soek na die boot ..."

9.7 Hoe verskil Baas en Griesel se reaksies nadat hulle albei op Manaka malaria kry? (1)

9.8 In watter opsig beïnvloed onderskeidelik Griesel en Nanna se teenwoordigheid op Manaka Baas se siening van Christenskap? (2)

9.9 In reël 9–11 is dit duidelik dat Grace en ouma Essie albei omgeemense is.

Gee DRIE ander voorbeelde daarvan in die roman. Dink jy ouma Essie se omgee het Baas beïnvloed? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

9.10 Reël 2 in TEKS C en reël 13 in TEKS D verwys na die plaas Houtboschberg waar Baas grootgeword het.

Hoe sluit Baas se kinderjare op Houtboschberg aan by die verwysing na sy boot in reël 21 van TEKS D? (1)

9.11 Baas "soek na die boot" (reël 20–21). Waar vind hy/hulle die boot? (1)
**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

In die roman *Vatmaar* beleef Tant Wonnie en Oom Chai konflik as gevolg van hulle interaksie met mense.

Bespreek die stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Ek wou nie teruggaan na ons huis in die Vrystaat nie, het Chai gesê, omdat ek gehoor het Steven, my ouer broer, veg saam met Generaal Joubert en dat die burgers almal 'n goeie woord vir hom het. En dan was daar nog jy, Vuurmaak, met ons goed hier naby die vlei. En hierdie Engelsman wat gesê het ek is sy vriend, ek kon ook nie van hom ontslae raak nie.

Toe ons by die plek kom wat hulle noem die Military Headquarters, is die Cape Boys afbetaal en al ons name en adresse is opgeskryf sodat hulle ons oorlogsmedaljes kon aanstuur. Ons het almal ons adresse opgegee as C/o Du Toitspan Post Office. Ek het jou naam ook opgegee, want ek het gedink miskien het jy ook "next of kin", soos hulle 'n mens se familie noem. Vir jou betaling, Vuurmaak, het ek ook geteken. Ek het gesê jy is dood en dat ek jou familie ken.

Laat ons Ta se oorlogsmedalje sien, het ons kinders vir Ta Vuurmaak een Sondag na pensioendag gevra. Een wou weet: Hoeveel Boere het Ta doodgeskiet?

Die ou man het net gelag, sonder om sy mond oop te maak. Chai het vir my my geld gebring. Die medalje het ek geruil vir 'n bottel sjerrie, het hy gesê.

Die Corporal het Oom Chai verder vir Ta Vuurmaak vertel, het gesorg dat ek drie maande langer betaal word as wat ek gewerk het omdat ek sy enigste vriend was.

11.1 Steven en Chai is broers.

11.1.1 Chai is uiteindelik tog terug Vrystaat toe. Waarom? (1)

11.1.2 Gee EEN rede waarom die burgers almal 'n goeie woord vir Steven het. (1)

11.2 Na wie verwys Chai in reël 4–5? Is dit geregverdig dat Chai só na hierdie karakter verwys? Motiveer jou antwoord. (2)

11.3 Bewys uit die gebeure in reël 6–12 van TEKS E dat Oom Chai "skelm-slim" is. (1)

11.4 Steven en Chai kry beide tydens die oorlog met afgebrande plase te doen.

Hoe tree Steven en Chai onderskeidelik op met die "goeters" op die afgebrande plase? Watter EEN van die karakters se optrede stem met Vatmaar se siening van die agtste gebod (Jy mag nie steel nie) ooreen? Motiveer jou antwoord. (4)

11.5 Watter beloning ontvang Steven vir sy weldade tydens die oorlog? Dink jy Chai verdien 'n soortgelyke beloning? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS F**

Boitjie Afrika was 'n oujongkêrel wat by sy ma en sy broer Percy, sy skoonsuster Frieda en dié se twee kinders gebly het. Sy ma is dood en hy kon nie met Frieda oor die weg kom nie. Dit het vir hom gelyk of dit sy broer was wat wou hê dat sy hom uit die huis uit moet dryf. Percy kon net nie gewoond raak aan sy happy-go-lucky-manier van lewe nie, want oor die dag van môre het hy hom nooit bekommer nie want sy ma se pensioen was mos daar.

Percy en Frieda het aan die Apostolic Faith Mission behoort en hulle het gesê Boitjie het die duiwel in sy hart. En hulle het gebid, partykeer hard sodat Boitjie moes hoor, en God gevra om hom die huis te laat verlaat want hulle het geweet Hy hoor hulle gebede.

Toe het Boitjie onthou hy het 'n suster op 'n plek met die naam Vatmaar, naby Du Toitspan. Hy het nie die adres geken nie en daar was ook niemand anders wat geweet het nie. So een pay day het hy sy besittings in die trommel gepak, stasie toe geloop en 'n enkelkaartjie Du Toitspan toe gekoop – sonder om sy Kaapse familie te sê waarheen hy gaan, want hy het besluit om nooit weer terug te kom nie.

Hy het sy "something" ingepak – 'n pakkie vir wanneer hy koerasie nodig gehad het – en 'n bottel sjerrie vir die pad. Op Du Toitspanstasie is hy aangesê om die drywer van die kapkar te vra om hom Vatmaar toe te vat.

11.6 By wie gaan bly Boitjie Afrika op Vatmaar? (1)

11.7 Herlees reël 3–7.

11.7.1 Watter ander karakter op Vatmaar jaag Boitjie Afrika uit sy huis en wat was die oorsaak van hierdie konflik? (2)

11.7.2 Dink jy dit is geregverdig dat Boitjie Afrika uit dié huis gejaag is? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

11.8 Watter tipe verteller kom in TEKS F voor? Gee TWEE voordele van hierdie tipe verteller soos dit in TEKS F van toepassing is. (3)

Kopiereg voorbehou 

11.9 Herlees reël 15–17.

11.9.1 Watter karaktereienskap van Boitjie Afrika kan jy hier aflei? (1)

11.9.2 Gee EEN verdere bewys uit die roman dat Boitjie Afrika oor dié karaktereienskap (VRAAG 11.9.1) beskik en gee EEN bewys uit die roman dat Boitjie Afrika karakterontwikkeling ondergaan. (2)

11.10 Wat was die rede vir die ontstaan van Vatmaar? Hoe sluit dit onderskeidelik by Chai in TEKS E en Boitjie Afrika in TEKS F aan? (3)
**[25]**

## *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

In die roman *Onderwêreld* beleef Greg konflik as gevolg van sy interaksie met ander mense.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

TJ is 'n groot skaakspeler. Rêrig passievol. "Jy moenie vergeet nie, Greg," sê hy, "ons ouens is pionne, jy lyk nes die pion langs jou. Heeltemal vervangbaar. En iewers in hierdie skaak-game kan iemand besluit hy gaan jou offer."

"Vir wat?"

"Wie weet? 'n Groter beloning? Om die game te wen?"

Ek dink 'n ruk daaroor na. Toe TJ opstaan en by die koshuisdeur instap, besluit ek: ek gaan dit nie toelaat nie. As hulle dink 'n pion kan nie terugbaklei nie, maak hulle 'n fout. Vandag sal hulle een sien baklei.

Die eerste rugbywedstryde het al op die A- en B-rugbyvelde begin toe 'n onderwyser die matrieks nader roep. Dok Pienaar staan en wag vir ons. Hy vryf sy hande en op sy gesig is daar 'n vet alles-is-oukei-glimlag. "Almal hier?" vra hy en sy valse glimlag trek nog breër. Hy kyk ons aan asof hy, netjies uitgevat in sy sportbaadjie, vanoggend een van ons is. Ons beste pel. Hy wil iets by ons hê, weet ek.

Dok wag totdat al die seuns om hom stil is voor hy begin praat. "Manne, julle lyk goed vanoggend! Magtig, dit voel amper of ek voor 'n Springbokspan staan." Hy gee 'n klein laggie. Polish net ons ball, weet ek. Ek lag nie saam met die ander ouens nie. "Ek glo julle is reg vir daardie piesangboere?
Wat ek van hulle gesien het, het my nie juis beïndruk nie. Hulle lyk maar klein teen julle ouens. Gaan julle hulle vandag trap?"

"Hur-rah!" roep die ouens vasberade uit een keel.

13.1 Wat gaan die gesprek tussen TJ en Greg in TEKS G vooraf? (1)

13.2 Tydens die soektog na Eckardt offer TJ vir Greg.

13.2.1 Hoe offer TJ vir Greg? Gee TWEE redes waarom TJ só optree. (3)

13.2.2 Dink jy Eckardt beskou Greg as 'n pion in 'n skaakspel? Motiveer jou antwoord. (1)

13.3 Wie is die verteller in TEKS G? Waarom is juis dié verteller effektief te oordeel aan die onderstreepte sin in reël 8–9? (2)

13.4 Noem TWEE karaktereienskappe van Dok Pienaar wat jy uit reël 13–15 kan aflei. Openbaar Dok Pienaar dieselfde karaktereienskappe teenoor Greg se pa in die uitvoering van sy plig as skoolhoof? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)

13.5 Herlees reël 18–20.

13.5.1 Noem EEN karaktereienskap van Greg wat jy uit dié reëls kan aflei en sê hoe hierdie karaktereienskap konflik tussen hom en Dok Pienaar veroorsaak. Wat is Greg se pa se bydrae om dié konflik op te los? (3)

13.5.2 Watter tema kan jy uit dié konflik (VRAAG 13.5.1) tussen Dok Pienaar en Greg aflei? (1)

**EN**

**TEKS H**

*Ek het 'n program gebruik wat mens sommer in 'n winkel sal kan koop. Met 'n bietjie modification, het ek dit reggekry dat die user aan die ander kant nie eens sal sien as ek op sy system werk nie. En die beste van alles – omdat die program vir alledaagse gebruik gemaak is, sal 'n virusprogram dit ook nie uitvang nie. Dit is klein genoeg om te mail aan 'n gebruiker. En dit install sonder dat hulle dit agterkom.*

Dissit!

As ek by Dok se rekenaar wil uitkom, moet ek 'n RAT daarop install. Dit sal onmoontlik wees om net by sy kantoor in te stap en dit te doen, maar daar is 'n ander manier … My hart begin sommer vinniger klop … Social engineering! Ek kyk op my horlosie. Dis nou net ná twee. Die skool se PA's werk tot vieruur. Twee ure om die RAT op Dok se rekenaar te kry.

Ek kry my selfoon en 'n skoolbrosjure wat al die telefoonnommers op het. My oë gly oor die lys. Wie sal ek bel? Ah!

Die eerste oproep.

Joan Gibbs antwoord: "Goeiemiddag, Lawson Kollege. Doktor Pienaar se kantoor."

"Goeiemiddag, mevrou," sê ek, "meneer Cloete hier. Ek moet vir Dok kom spreek oor iets. Vanmiddag nog. Ek hoor hy is weer môre op pad Johannesburg toe." Dis wat in Joan se dagboek gestaan het.

"Dis korrek." Joan klink heel saaklik.

"Watter tye sal hy op kantoor wees?"

"Doktor Pienaar is nou op kantoor, maar hy het 'n afspraak van drie tot vier met 'n paar van die vakhoofde in die personeelraadsaal."

13.6 Wie se blog lees Greg in TEKS H? Gee 'n rede waarom hy die blog lees. (2)

13.7 Wat is *social engineering* en hoe word Joan en Greg slagoffers daarvan? (3)

13.8 Wat is die verband tussen die *Butcher* in die *Nursery Rhyme Project* en Eckardt se pa? (1)

13.9 Dink jy Eckardt het sy uiteindelike doelwit met onderskeidelik die Owen-gesin en Dok Pienaar bereik? Gee EEN rede ten opsigte van ELKEEN. (2)

13.10 Herlees reël 9 van TEKS G en reël 8 van TEKS H.

Dink jy Greg sou terugbaklei gekies het as hy vooraf geweet het wat die gevolge van sy ondersoek sou wees? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

**[25]**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

In die drama *Krismis van Map Jacobs* dra omstandighede daartoe by dat die hoofkarakter van Johnnie na Map en weer na Johnnie verander.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS I

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Moenie so panic nie, ou dad. Ons verstaan. Dink jy ons verstaan nie? Jy en die missies (*wys boontoe*), julle wil vir julle ytkoep hierso yt die township yt. Julle spaar vir 'n plotjie grond en 'n hys, somewhere else. In 'n decent coloured area. (*Beklemtoon "decent".*) Julle wil hierso yt onse township yt escape. (*Wys na die geboue.*) Right? Djulle fit mos nie in nie, dis nie julle soorte lewe nie! Nie onse types nie! (*Wys na Richie, na Tommy, na homself.*) ... Fair enough! (*Lag.*) |
| TOMMY: | Los nou vir uncle Cavernelis af, man! |
| | *Dan verskyn missies Cavernelis bo.* |
| MAUD: | Cavernelis, please, laat staan die rubbish and go your own way. Wat staan jy nog daar? Kry jou koers en kom in! |
| CYRIL: | Daar's 'ie orders! Good luck, ou dad! Hoe sil jy sê, ou Tommy? To health, wealth and happiness ... and living like real persons! Hê! Living like real persons! Best of luck, mister Cavernelis, best of luck ... |
| | *Stilte dan –* |
| CYRIL: | (*venynig*): En mister Cavernelis, mister Cavernelis wiet natuurlik lat Map Jacobs ytkom nou, die sewende vannie maand, op parole, ja ... Map Jacobs ... (*Begin lag.)* Net nou lat Blanchie sukke luck beginne strike! |
| | *Cavernelis verstyf, staar. Cyril lag. Richie dan ook.* |
| CAVERNELIS: | (*ongelowig*): Map ... Jacobs? |
| CYRIL: | Het mister Cavernelis dan nie gewiet nie? Ek mien van Map Jacobs, lat hy ytkom nie? (*Hy lag en lag.*) |
| MAUD: | (*roep*): Cavernelis! |
| CAVERNELIS: | Map ... Jacobs? *(Hy staar.)* |
| CYRIL: | (*lag*): Onthou Mister Cavernelis nog, vi' Map Jacobs? Onthou mister Cavernelis nog? *(Lag.)* |

15.1 In reël 1–7 gee Cyril redes vir Cavernelis se pogings om uit die spesifieke ruimte weg te kom.

Wat doen Cavernelis om uit die spesifieke ruimte weg te kom? By watter tema in die drama sluit hierdie reëls aan? (2)

15.2 Watter politieke besluit het tot die ruimte in VRAAG 15.1 aanleiding gegee? Op watter manier is die mense sosiaal-maatskaplik deur dié situasie beïnvloed? (2)

15.3 Herlees reël 9–12.

Haal die sin uit hierdie reëls aan wat op versoening dui. Waarom kan ons sê dat dié versoenende woorde nie geloofwaardig is nie? (2)

15.4 Na watter karaktereienskap van Maud verwys Cyril in reël 13? (1)

15.5 In reël 14 wens Cyril vir Cavernelis net die beste toe.

Wat doen Cyril om sy eie lewe beter te maak? Gee TWEE redes waarom hierdie spesifieke woorde van Cyril in die slot van die drama ironiese betekenis vir Cavernelis se gesin kry. (3)

15.6 Cyril sê vir Cavernelis van Map se vrylating in reël 18–29.

Wat is sy doel met dié brokkie nuus? Gee EEN rede vir Cavernelis se reaksie in reël 22. Is Cavernelis se reaksie oortuigend? Motiveer jou antwoord. (3)

**TEKS J**

MAP: Tommy Sobotker! En Cyril, en Richie, en Willy la Guma, en Blanchie ... almal ... almal ... (*Lag, dieselfde lag, en staar voor hom uit.)* Almal hier, almal in hierdie strate, in hierdie huise, almal ... *(Lag.)* En die employers, o, almal die employers ... Hulle is almal so sympathetic ... Blanchie, ja even Blanchie, almal is so sympathetic ... But ... *(sê dit baie hard)* but, but, but, but ... sympathetic, but ... *(Stil. Lag weer.)* Even Cyril en Richie! ... Apostel George, ek wiet jy't my ge-warn lat dit so sal wies, maar ... well ... 'is tough luck, Apostel George ... (*Dan, skielik, skreeu hy.)* 'Is tough luck, Here! (*Dan praat hy, sagter, met Antie Grootmeisie, iewers in die huis.)* 'Is tough luck, Ma! Lyster Ma?! *(Hy staan op, en praat asof hy voor die spieël staan.)* Here! ... en Ma! ... (*Kyk na die baie tatoeëermerke op sy lyf.)* ... Nei ... *(Lag.)* ... Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie! Map Jacobs, hulle vát jou nét nie so nie! 'Cause why? 'Cause hulle kan sién waarvandaan jy kom, jou history is op jou arms, op jou lyf, op jou nek, op jou gesig even ... jou history en jou geography, jou ... alles! *(Lag weer.)* Hulle vat ga' vir jou so nie! (*Stil, maar die straat beweeg, en hy wys na almal daar.)* Ma! Ek was al by 'n hele élf employers. Miss Africa, die social worker, sy help ...

| |
|---|
| maar, dan kom jy daar, en although Miss Africa ge-phone het, voor 'ie tyd, sê die manager se secretary, of so iemand, Have you got any testimonials, mister Jacobs, ... |

15.7 In reël 6 herhaal Map die woord "but".

Wat wil hy met dié herhaling beklemtoon? (1)

15.8 In reël 20–29 van TEKS I lag Cyril en in reël 2–7 van TEKS J lag Map.

Watter gemoedstoestand openbaar elkeen onderskeidelik met dié lag? In watter opsig sluit dié lag van Map en Cyril onderskeidelik by hulle toekomsverwagting aan? (4)

15.9 Herlees reël 8–9.

Wie is Apostel George? Wat is sy aandeel in die naamsverandering wat Map ná sy vrylating ondergaan? (2)

15.10 Stem jy saam dat Map oor leierseienskappe beskik? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

15.11 Wat is die rede waarom Map al die tatoeëermerke op sy lyf het? Bring dié tatoeëermerke vir Map vreugde? Gee 'n rede vir jou antwoord EN dui aan of Johnnie in die slot van die drama van die eertydse Map verskil. (3)

**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

In die drama *Mis* dra Meisie se moeilike omstandighede by tot haar besluit om uit haar omstandighede weg te breek.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

## VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| | *GERTIE loer ook deur die sleutelgat.* |
| GERTIE: | *(bewonderend)* Selfs in die donker kan ek sien hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So 'n man kan 'n mens vertrou. |
| MIEM: | Net 'n oomblik, Konstabel. Ek sukkel 'n bietjie met die slot. *(Sluit die deur oop)* So ja. *(Maak die deur oop)* Kom gerus binne. |
| | *Die KONSTABEL kom binne. Hy dra 'n ronde donkerbrilletjie en 'n helm. In die een hand hou hy 'n wit kierie vas en in die ander 'n groot leersak of 'Gladstone bag'. Daar heers 'n doodse stilte terwyl MIEM, MEISIE en GERTIE hom sprakeloos aankyk. Deur die oop deur kan die sirkusmusiek gehoor word.* |
| KONSTABEL: | *(na 'n stilte. Glimlag)* Soos u kan sien, is ek heeltemal blind. En u vind dit ontstellend. Hoe kan ek 'n ogie oor u hou as ek niks kan sien nie? Dames, wees tog gerus. Hulle noem my nie verniet Snuf-in-die-neus nie. *(Hy tik met 'n voorvinger teen sy neus.)* Wat ek nie al kon uitsnuffel nie! |
| MIEM: | *(onseker)* Naand, Konstabel. |
| GERTIE: | Naand, Konstabel. |
| KONSTABEL: | Nee, wag eers. Moet julle tog nie aan my voorstel nie. *(Hy begin in die lug rondsnuffel.)* |
| | *MEISIE maak die deur vinnig toe. MIEM en GERTIE hou hom roerloos dop.* |
| KONSTABEL: | As ek dit nie mis het nie, is daar drie dames hier teenwoordig. |
| GERTIE: | Dis reg, ja. |

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | *(hou sy hand uit vir stilte)* Asseblief. *(Prewel)* Tog eienaardig. Hulle het vir my gesê hier woon net twee. In elk geval, kom ons gaan voort. *(Loop nader. Gaan staan voor MIEM. Sak sy kop effens en snuif asof die reuk van onder kom)* |

17.1 Gee TWEE redes vir Gertie se optrede in reël 1. (2)

17.2 Op watter wyse bevestig Gertie se woorde EN optrede in reël 2–4 dat sy mense verkeerd beoordeel? (2)

17.3 Is dit vir jou oortuigend dat Miem in reël 5 met die slot sukkel? Motiveer jou antwoord. (1)

17.4 Noem DRIE funksies van die toneelaanwysings/neweteks in reël 8–11. (3)

17.5 Is daar 'n rede vir die verwysing na die sirkusmusiek in reël 13? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

17.6 Wat suggereer Konstabel aan die vroue met sy naam, "Snuf-in-die-neus", in reël 17? Wat bedoel hy met die onderstreepte sin in reël 18 EN op watter wyse mislei hy die vroue met hierdie woorde? (3)

17.7 By watter betekenis van die titel sluit Konstabel se woorde in reël 25 aan? (1)

17.8 Waarom is Konstabel se woorde in die onderstreepte sin in reël 29 'n bevestiging van sy woorde in reël 18? (1)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Dan sal ek 'n vae beeld kan vorm. |
| MIEM: | Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte. Meisie, sê vir die konstabel dit sal 'n plesier wees. |
| | *Meisie sê niks.* |
| KONSTABEL: | Natuurlik, as die jong dame nie wil nie ... |
| MIEM: | Ag, nee wat, sy is maar net skaam. Is dit nie so nie, Meisie? *(Dreigend)* Is dit nie so nie? |
| MEISIE: | *(Sag)* Ja, Ma. |
| KONSTABEL: | Goed so, Juffrou, as u miskien hier voor my kom staan ... |
| | *MEISIE loop stadig na die KONSTABEL en staan voor hom.* |
| KONSTABEL: | *(steek sy hand uit en raak aan haar)* Goed so. Kniel nou. Hier. Reg voor my. |

*MIEM en GERTIE hou die KONSTABEL en MEISIE roerloos dop. MEISIE kniel stadig. Die KONSTABEL steek sy hand uit en streel oor haar hare. MEISIE maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.*

KONSTABEL: *(prewel)* Mooi ... mooi ...

*Die Konstabel raak saggies aan MEISIE se gesig. Hy vee sag, met die agterkant van sy vingers, oor haar ooglede en raak dan met die punte van sy vingers aan haar wimpers. Dan vee hy met 'n vingerpunt oor haar lippe. Sy hande gly by haar nek af. Wanneer hy klaar is, sit hy weer sy hande op sy skoot.*

MIEM: *(trots)* Sy is mooi, nè?

KONSTABEL: Ja, Mevrou.

*MEISIE staan op en beweeg stadig terug na haar stoel. Daar is 'n kort stilte. MEISIE werk aan haar sak. MIEM en GERTIE kyk na die KONSTABEL. Die KONSTABEL kyk voor hom uit. Die valdeur klap hard oop. MEISIE kyk op. 'n Slopemmer sak stadig na onder.*

MEISIE: Kyk, Ma! Hier kom dit!

17.9 Watter versoek gaan Konstabel se woorde in reël 1 vooraf? (1)

17.10 In reël 2–7 is Miem se woorde en optrede 'n duidelike bewys van haar dominerende houding.

Motiveer die stelling. (2)

17.11 Meisie se optrede in die loop van die drama lewer bewys van haar opstand teen haar ma se dominering.

Noem VIER voorbeelde van Meisie se opstandigheid. (4)

17.12 In TEKS K en TEKS L openbaar Konstabel hom as 'n manipuleerder. Hy manipuleer al drie vroulike karakters.

Noem by ELKE vroulike karakter 'n bewys van Konstabel se manipulering. (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**NOVEMBER 2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 36 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al ses die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende nasienriglyn vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - ’n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
        - relevante verduidelikings gemotiveer word./
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
        - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - Die bespreking van konflik in vraag 6, 8, 10 en 12 moet na beide kante van die konflik verwys om as ’n reeks treffende argumente te dien.
    - Lees die opstelvraag ’n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.
    - ’n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
    - Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om ’n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie**.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

**" 'n brief van hulle vakansie" – Breyten Breytenbach**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Hy dink na oor sy pa se krag en energie as sestigjarige in Stilbaai teenoor die tekens van aftakeling** wanneer hy herinneringe oproep bv. as hy ywerig swem, ver stap, krieket speel en seekos eet./Bv. versreëls 9–12: *... swem my pa in Stilbaai se see ... stap myle ver oor die sand ... speel krieket op die duine ... eet alikruikels ...* teenoor versreël 22: stil bome in die wind; versreël 27: *my pa word stiller en meer verskriklik van dop tot dop*/Versreël 32: *my pa se stil en bitter krag* waaroor die ek-spreker *treur ...*
- **Hy dink (met waardering) aan sy ouers wat in hulle jonger dae 'n kind verwek het, maar in hulle ouderdom 'n hond begrawe op die plek waar hulle vroeër minnaars was.**/Bv. versreëls 19–20: ... *op die plaas van hul jong liefde en plant die saad 'n soenoffer ...*
- **Die spreker dink na oor sy ouers wat oud word, want hy noem sy pa se eelte vanweë harde werk en sy ma se blou oë wat nou/in die ouderdom met leegheid gevul is.**/Bv. versreël 2–3: *oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma.*
- **Hy noem dat sy ouers nou oud en aan die einde van hul lewens is.**/Bv. versreëls 21–22: *... nou is hul minnaars stil bome in die najaar ...*
- **Die spreker besef die verganklikheid van mense/sy ouers** as hy besef die leeftyd van sy ouers is eintlik niks in vergelyking met die kosmiese verskynsels nie./Bv. versreël 24: *onder komete leeftye lang wêrelde ...*
- **Die nuus van familie wat liggaamlik wegkwyn en sterf, bring die dreigende aftakeling van die ouderdom nader aan sy pa.**/Bv. versreël 25: *My ooms sterf soos kapok in die son ...*
- **Die feit dat sy pa al stiller word en hom toenemend onttrek van "Stilbaai" na "stil" en "stiller" beklemtoon dat die aftakeling van die liggaam sy tol eis, iets wat te betreur is.**/Bv. versreël 9: ... *in Stilbaai se see ...*/versreël 22: *... stil bome ...*/versreël 27: *...stiller en meer verskriklik ...*/versreël 32: ... *my pa se stil en bitter krag* ...
- **Die spreker se besef van sy ouerwordende ouers word versterk deur die gebruik van woorde wat op "dood" dui.**/Bv. versreël 18: ... *lyk ...*/versreël 20: *... in die diep grond se skoot ...*/versreël 22: *... najaar ...*/versreël 25: *... sterf ...*
- **Hy noem hoe ver die aftakeling reeds gevorder het, want sy sterk en energieke pa is net 'n "dop" van wat hy eens was**./kruip in sy "dop" en word al stiller./drink 'n "dop" om hom van sy "verskriklike" toestand te laat vergeet./Bv. versreël 28: *van dop tot dop ...*
- **In die laaste strofe dink hy vir oulaas na oor hoe die tyd sy ouers aftakel wanneer hy besef dat ook sy eie lyf uitgelewer is aan veroudering.**/Bv. versreël 30–32: *... treur ek oor die soet hart van my moeder my pa se stil en bitter krag.*/versreël 30: *... my lyf ongenaakbaar skil ...*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Versagtende omstandighede" – Peter Snyders**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Ek-spreker/'n Kaapse spreker/'n Persoon wat nie hemel toe wil gaan nie. √<br><br>Die ek-spreker maak die *versagtende omstandighede* wat die spreker in die gedig vra, persoonliker./eerliker./oortuigender./<br>Die behoeftes van die persoon word die beste deur homself oorgedra./<br>Die spreker praat in die Kaapse variëteit. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.2 | Terwyl daar gewoonlik vergifnis gevra word om na die hemel/hiernamaals te gaan, vra die spreker vergifnis om nié hemel/hiernamaals toe te gaan nie./<br>Terwyl die meeste mense hemel/hiernamaals toe wil gaan, smeek die spreker om nie daar toegelaat te word nie. √<br><br>*Albei kante van die ironie moet vir EEN punt aangebied word.* | 1 |
| 2.3 | Paradoks/Ironie/Hiperbool √<br><br>Dit sal nie "hemels"/lekker vir die spreker wees om ledig in die hemel te wees nie, (eerder "hel"*).*<br>Die spreker is van mening dat goud en pêrels waardeloos is./wil nie die goud van die hemel beleef nie/dat klip en teer verkies./<br>Die spreker oordryf hoe sleg ("hel") dit vir vir hom/haar in die hemel sal wees. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 2.4 | Suid-Afrika beleef (tans) 'n historiese tyd van samewerking (tesamebeleid)./<br>Suid-Afrika is (tans) in 'n historiese tyd waarin 'n nuwe begin van samewerking (tesamebeleid) ingegaan word./<br>Dit is die verband tussen die verlede en die tesamebeleid./nuwe beleidsrigting. √ | 1 |
| 2.5 | Die parentese verskaf ekstra inligting waarvan die Here kennis moet dra./oor die spreker se betrokkenheid tydens die rewolusie./oor sy/haar voorkeur vir minderbevoorregtes. √ | 1 |
| 2.6 | Die spreker spot fyn/subtiel met die hemel se korrektheid./menslike verknogtheid aan die aarde./materiële besittings./sonde./<br>Die spreker maak mense spottenderwys bewus van wanpraktyke in die samelewing./<br>Die spreker spot met menslike swakhede. √<br><br>Nee<br>Die gedig is eerder ironies, want in die gedig is die redes vir die versagtende omstandighede anders as wat dit gewoonlik is.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Die titel gebruik *Versagtende omstandighede* om te spot met wat die spreker pas./om sy saak ten opsigte van die verkeerde goed te regverdig./met mense wat nie in die hemel wil pas nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie motivering vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Nog in my laaste woorde" – NP van Wyk Louw**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | 'n Geliefde/Die Skoonheid √ | 1 |
| 3.2 | Die spreker vrees die dood./om alleen die dood tegemoet te gaan./wil nie alleen doodgaan nie. √ | 1 |
| 3.3 | *(veel) haat* √<br><br>Ja<br>Wanneer die spreker op sterwe lê, sal hierdie *haat/veel haat* vergete wees./sal dit nie belangrik wees nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Party mense se haat is so groot dat dit alle sake oorheers./sonder dat hulle oor die dood dink./dood vrees. √<br><br>*Die kandidaat se antwoord moet met die gedigkonteks verband hou.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 3.4 | Metafoor √<br><br>Die spreker se passie en liefde vir die jy/geliefde/skoonheid blyk uit die beeld./<br>Die spreker meen die jy/geliefde/skoonheid se liefde steek iets by hom aan./hou die liefdesvlam brandend./is 'n verterende vuur./<br>Met verwysing na jy/liefde/skoonheid wat so intens is, is die woord "vlam" baie effektief./gepas./<br>Die woord sluit aan by "brand" in versreël 10 wat pas by liefde./dui op die liefde wat soos 'n vuur is./Die vlam, as simbool van suiwering, kan deur pyn suiwering tot gevolg hê. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 3.5 | Die alliterasie/v-alliterasie bind *volkome vind versadiging* klankmatig (ter wille van uitheffing/beklemtoning)./<br>Die alliterasie/halfrym verstadig die tempo (ter wille van uitheffing./beklemtoning van die belangrike woorde)./<br>Dit beklemtoon/hef die belangrike woorde uit./beklemtoom dat die liefde nooit volkome versadig is nie. √ | 1 |
| 3.6 | Wanneer die geliefde/skoonheid hom/haar volkome gemaak het./die kring (van lewe en dood) vir die spreker in voltooiing gaan./Wanneer die spreker op sy/haar sterfbed lê./Wanneer die spreker sekerheid het oor sy/haar insig. √<br><br>Wanneer 'n mens se geliefde/skoonheid die kring vir jou voltooi, is die lewe én selfs die dood mooi./vrees jy nie meer die dood nie./Omdat dood die voltooiing van die lewe is, is dit mooi. √<br><br>Ja<br>Die voorplasing van "mooi" versterk die slotsom/gevolgtrekking./<br>Die inversie veroorsaak dat "mooi" herhaal word (d.m.v. voor- en agterplasing)./<br>Die woord "mooi" word uitgehef deur die voor- en agterplasing./inversie./<br>Die gelyke status wat lewe en dood het, word met inversie ondersteun. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"oupa Thomas Daniel Granfield" – Ronelda S Kamfer**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die volle name in die titel maak die titel ongewoon./Die volle name van die oupa word gegee./*oupa* word met 'n kleinletter geskryf (terwyl die name in hoofletters is). √ | 1 |
| 4.2 [KJ1] | Vergelyking (versreël 24) √<br><br>*Die kandidaat moet "vergelyking" as eerste antwoord aanbied. Indien die eerste antwoord "metafoor" is, moet die kandidaat die versreël ook in die antwoord aanbied.*<br><br>Metafoor (versreël 30) √<br><br>Die beeld van "vlermuise" impliseer die ma se woorde vlieg heen en weer oor die spreker se kop./maak die spreker verward./suggereer onsekerheid./<br>Die ma se woorde is "vlermuise" net soos in versreël 24./Die "vlermuise"-beeld sluit aan by/ondersteun die inhoud van versreël 24./die dood (van oupa Thomas Daniel Granfield).<br>Die ma se woorde is onsamehangend soos die heen en weer gefladder van "vlermuise". √ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 4.3 | Die ek-spreker se verdriet/hartseer/pyn word beklemtoon./<br>Die ek-spreker se reaksie op die dood van haar oupa word beklemtoon./<br>Die spreker se magteloosheid word beklemtoon./<br>Die spreker se (intense) persoonlike ervaring word uitgehef./aangedui. √ | 1 |
| 4.4 | Hartseer/somberheid/treurigheid √ | 1 |
| 4.5 | Ja<br>Die oupa verteenwoordig alle/sekere mense wat weens omstandighede buite hulle beheer nie die geleenthede gekry het om 'n volwaardige lewe te leef nie./hulle volle potensiaal te bereik nie./<br>Hoewel sekere mense deur onregverdigheid bevoordeel word, is daar altyd ander wat benadeel word, wat daarop dui dat dit oral/in alle lande/onder alle mense voorkom./<br>Die spreker verteenwoordig alle/sekere mense wat onregverdigheid ervaar in die feit dat sy nie die geleentheid gehad het om haar oupa se dood te verwerk nie./nie by sy afsterwe betrek is nie./dat die lewe onverstoord voortgaan./dat die ma oor alles behalwe die oupa se dood gepraat het./nie met haar kind gekommunikeer het nie./uitgesluit voel. √<br><br>Elke mens is geregtig om die waarheid te mag weet./kind is geregtig om die waarheid oor 'n geliefde (grootouer) se dood te weet./die dood van 'n geliefde te verwerk./Elke mens is geregtig op gelyke kanse/geleenthede om 'n gelukkige/sinvolle/vol/menswaardige lewe te lei./om hartseer te verwerk. √<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke les vir EEN punt aanbied.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | Uiterlike bou:<br>Die eerste gedeelte/versreël 1–31 bestaan uit korter/sewe strofes terwyl die tweede gedeelte/versreël 32–47 uit een lang strofe bestaan./Die eerste deel se versreëls is (oor die algemeen) korter terwyl die tweede deel se versreëls langer is. √<br><br>Inhoud:<br>Die eerste gedeelte/versreël 1–31 skets die gebeure van die dag toe die oupa dood is terwyl die tweede gedeelte/versreël 32–47 die spreker se hartseer oor die gebeure/gevolge van die oupa se dood beskryf. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die verskil vir EEN punt aanbied.* | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Pleitskrif vir die aarde" – Fanie Viljoen**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Alliterasie/b-alliterasie<br>Dit beklemtoon die hoeveelheid rommel/bottels wat rondlê./Die woorde "**begrawe**", "**berge**", "**bottels**" word klankmatig gebind.<br><br>OF<br><br>Assonansie/o-assonansie √<br>Die mens se rol in die besoedeling van die aarde word beklemtoon. √<br><br>*Die antwoord moet op die konteks van die gedig van toepassing gemaak word.* | 1<br>1 |
| 5.2 | Metafoor √ | 1 |
| 5.3 | Retoriese vraag √<br><br>Die spreker se frustrasie oor die probleem word beklemtoon./<br>Die onwilligheid van die mens om na die aarde om te sien, word beklemtoon./<br>Die mens besef nie die erns/omvang/aard van die probleem nie/se traak-my-nie-agtigheid word uitgelig./<br>Dit stem die leser tot nadenke oor die mense se aandeel aan die vernietiging van die aarde./ongeërgdheid van die mens. √<br><br>*Die antwoord moet op die konteks van die gedig van toepassing gemaak word.* | 1<br><br>1 |
| 5.4 | Die woorde lê oor die papier versprei soos die rommel oor die aarde versprei lê./<br>soos die rondgewaaide papiere/plastieksakke/rommel wat genoem word./<br>Dis 'n visuele voorstelling van hoe mense die aarde bemors./<br>Dit illustreer die valse gerustheid oor rommelverwydering. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Die mens(-dom)/leser/Diegene wat die aarde verwoes. √<br><br>'n Negatiewe stemming/Neerslagtigheid/Mistroostigheid/Somberheid/Kommer/ Wanhoop √<br><br>Ja<br>Besoedeling/Aardverwarming/Droogte raak by die dag 'n groter wêreldwye kwessie/ vraagstuk/probleem. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is steeds mense wat nie aan die <u>verband</u> tussen aardverwarming/ natuurverskynsels en besoedeling/menslike aktiwiteite glo nie. | 1<br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.6 | Elkeen van ons moet na die aarde omsien (sodat die aarde nie deur die mens se toedoen vernietig word nie). √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie boodskap binne konteks van die gedig aan. Die "boodskap" van hierdie gedig moenie met die tema verwar word nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| |
|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.<br><br>• **Iris se ma gee nie aandag aan haar eerste skree om haar bestaan aan te kondig nie**; dit lei tot latere konflik omdat Iris van mening is dat sy tóé die aandag verdien het./Bv. bl. 9: *Met my geboorte, toe ek my eerste skree gegee het om my bestaan aan te kondig, was die dokter reeds buite in die gang en op pad na die volgende bevalling.*<br>• **Iris ervaar konflik, want vanaf haar geboorte luister niemand na haar nie;** terwyl Iris die behoefte het dat daar na haar geluister moet word./Bl. 9: *Ek is spyt dat ek toe nog nie my verstand gehad het nie, want ek sou daarvan gehou het om op daardie punt 'n paar aanmerkings te maak.*/Bl. 9: *Miskien het my ma my skree gehoor alhoewel sy later vertel het dat sy gedaan was en het op die plek aan die slaap geraak.*/Bl. 9: *Pa was nie by nie.* |

- **Iris ervaar konflik omdat haar familie haar beskou as anders/'n buitestander in haar familie/iemand wat in stryd met haar gesin is;** dit veroorsaak dat Iris vroeg reeds 'n alleenloper is./as anders beskou word./haarself nie as deel van die gesin beskou nie. Iris wou graag as deel van die gesin beskou word./Bv. bl. 9: "*Die keer is dit 'n donker enetjie," het hy vir Ma gesê toe sy die kombersies van my gesig terugvou dat hy kan sien hoe ek lyk. "Heeltemal anders," het Ma saamgestem.*
- **Iris beleef konflik omdat sy nie 'n keuse gegee word nie,** maar van vroeg af haar susters se klere/speelgoed waarvoor hulle moeg is, kry. Iris wil graag die geleentheid hê om haar eie/nuwe klere/speelgoed te kies./Bv. bl. 14: *Uit die aard van die saak was ek dus 'n alleenloper en, soos Polder, iemand wat op oorskietkos geleef het. In Polder se geval was dit sy eie keuse: hy het geweier om geblikte hondekos te eet. In my geval kon dit nie anders nie, ek het die speelgoed en dikwels die klere gekry waarvoor my susters moeg was.*
- **Iris beleef konflik omdat sy nie meer met Riekie wil uitgaan nie, maar nie weet hoe om dit vir hom te sê nie.** Iris vra haar ma om haar te verbied om hom te sien./Bv. bl. 17: *Ek het Riekie self steurend begin vind en gewens my ouers wil my verbied om hom te sien.*/Bl. 18: *"Ek wil hê julle moet my verbied om hom weer te sien." Sy het vir die eerste keer na my gekyk. "Nee, my ding, waarom sou ons dit doen? Riekie is 'n gawe seun."*
- **Iris beleef 'n eksistensiële krisis** as haar susters telkens haar kollig steel./haar nie bystaan om haar plek in die groter bestel te vind nie. Iris wil ook in die kollig wees/raakgesien word./bygestaan word om haar plek in die lewe te vind./Bv. bl. 25: *En die ergste: elke keer dat ek deur 'n krisis of interessante stadium gegaan het, was my susters my voor, hulle het die kalklig gesteel deur iets meer dramaties te doen. Soos die keer toe ek Riekie wou afsê en Kara 'n non wou word.*/Bl. 25: *Ek het nooit gelag nie en smiddae laat deur die tuin geloop en tob oor die sin van die wêreld en my plek in die groter bestel. Niemand het eens opgekyk nie, want Elsa was swanger.*
- **Iris beleef konflik as sy voel dat sy in die skadu van haar susters staan** omdat alles wat sy wil doen reeds deur haar susters gedoen is. Iris wil graag erkenning ontvang (al is sy die derde dogter)./waardeer word vir die insette wat sy kan lewer./Bv. bl. 34: *Dit was altyd dieselfde ou storie. Ek was te jonk. Ek kon nog nie saampraat nie. Ek het nie geweet waarvan ek praat nie. Van ek die dag gebore is, was dit so. Wat ek ook al gedoen het, was reeds deur hulle gedoen.*
- **Iris beleef konflik aangesien sy nie weet wanneer haar blomtyd is nie,/haar gesinslede haar nie ondersteun in tye van onsekerheid, krisisse of lewensvrae nie,** gevolglik is sy onseker./huiwerig./bang om keuses te maak (werksaanbod as model)./wil sy nie die verkeerde keuses uitoefen nie./Bv. bl. 87: *Onthou jy nie wat Ma altyd gesê het nie? 'n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom.*/Bl 104: *Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot, die een of ander tyd moet blom en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys of 'n potensieel opwindende situasie onbenut mag laat nie.*
- **Iris ervaar konflik oor haar voorkoms**, want sy bly ontevrede met haarself en wil verander./iets anders wees./word./Bv. bl. 17: *Ek was siek van jaloesie. Dit was presies wat ek sou wou gedoen het. In daardie stadium van my lewe was ek reeds ontevrede met myself en vasbeslote om te verander, om iets anders te wees en te word.*
- **Iris beleef konflik oor haar lewensfilosofie/wanneer dit iemand se blomtyd is** as sy nie vir Peter op sy vraag (wanneer dit 'n blomtyd is) kan antwoord nie. Peter bevraagteken haar antwoord./Bv. bl. 132: *"Jou teorie is net op elke tweede mens van toepassing. Wat van jou ma?" ... Ek het my oë voel water ...*
- **Iris ervaar konflik as Junior haar lewensfilosofie,** t.o.v. die verskillende sienings oor haar naam, **laat wankel**. Terwyl Iris glo dat sy net een blomtyd het (nes die iris wat net een keer per jaar blom), impliseer Junior dat daar meer blomtye is omdat sy ma se irisse meer as een keer per jaar blom./Bv. bl. 148: *"Dis tog 'n mooi blom," het ek myself verdedig. "Irisse is pragtig wanneer hulle in die lente blom." "My ma s'n blom in die herfs ook, ..." My lewensfilosofie was besig om te wankel.*

- **Iris ervaar konflik in die alledaagse kommunikasie in die huis** omdat sy stilgemaak word./as te jonk gesien word om aan gesprekke deel te neem. Iris wil ook haar mening lug sonder om stilgemaak te word./Bl. 20: *"Stil, Iris," het Pa kwaad gesê. "Jou susters veroorsaak meer as genoeg moeilikheid. Aan jou stuiwer het ons nie nou 'n behoefte nie."*/Bl. 72: *"Bly stil, Iris," het Elsa gesnou. "Jy is te jonk om saam te praat."*/Bv. bl. 161: *Van Bettie kon ek nie 'n Grete maak nie. Sy het nie genoeg waardigheid gehad nie, om mee te begin. As een van my karakters gepraat het, het mense geluister en gereageer.*
- **Iris ervaar konflik omdat sy nie 'n familienaam het nie/nie weet waarom haar ma haar Iris wou noem nie/haar pa haar spot oor die herkoms van haar naam;** Iris slaan die betekenis van haar naam in 'n woordeboek na./Iris lag nie meer saam as hulle haar spot nie – sy swyg eerder oor hulle domheid./sy verwonder haar oor hul domheid. Iris wil, nes haar susters, 'n familienaam hê./Bv. bl. 10: *Toe ek klein was, het ek saamgelag, maar in my diepsinnige puberteit het ek geswyg en my gesit en verwonder oor hulle domheid.*/Bl. 10: *Waarom het niemand verby die moeë ou grappe oor flappe en "iets knaag weer vandag aan Iris se bol", gekyk nie?*
- **Iris ervaar konflik met die instrukteur wat haar moes leer bestuur**, want sy is van mening dat hy nie na haar luister nie, wat hy behoort te doen, toe sy noem dat sy nie in die stad kan ry nie./hy net sit en koerant lees het en nie sy werk gedoen nie./Bv. bl. 39: "*Ek kan nie in die stad ry nie," het ek gesê. Ma se verskoning. Hy het met groter oorgawe gegaap, 'n koerant oopgeslaan, sy voete teen die paneelbord vasgeskop en gesê: "Ry." Luigat, het ek gedink en die motor aangeskakel.*
- **Iris ervaar konflik met Frederik wat vatterig raak** as hulle uitgaan terwyl sy voel dat sy nie daarvoor gereed is nie./Frederik nie rede verstaan nie./Bv. bl. 78: *Die konflik het gekom as hy vatterig wou raak. Die soenery kon ek verduur omdat hy bedrewe was, maar meer wou ek nie toelaat nie.*/Bl. 79*: "Ek is nog nie gereed hiervoor nie," het ek preuts gesê.*
- **Elsa se uitsprake dat Iris net 'n jong flossie is/dat 'n meisie nie agter 'n man aanloop nie toe sy besluit om by Peter te gaan kuier, veroorsaak by Iris konflik** aangesien sy van mening is dat sy al vyf en twintig jaar oud is./weet wat sy wil doen./Bv. bl. 85: *Elsa het my voornemende reis afgekeur. Sy en Hannes het kom groet die dag voor my vertrek en sy het haar mening ongevraag en onomwonde gegee. " 'n Meisie loop nie agter 'n man aan nie."/ Bl. 86: "En wat van sy ouers? Hulle sal dink jy's 'n los flossie."*
- **Iris en Peter verskil oor die waarde wat sy aan haar naam heg.** Iris voel huilerig as Peter ongevoelig teenoor haar optree./haar koggel oor haar lewensfilosofie wat aan haar naam geheg word, terwyl Iris van mening is dat daar 'n betekenis aan elkeen se naam gekoppel kan word./Bv. bl. 132: *"Jou ouers moes jou nooit Iris gedoop het nie," het Peter skielik losgetrek. "Hulle moes jou Anna of Marie genoem het. "Ken jy 'n Marie?" het ek gevra toe ek skielik van my droom onthou.*/Bl.105: *"Hoe's 'n daisy?" "Fladderend, lig op die voete, koppie na die son." "... Jy's reg. Dis nes sy is."*/Bl 140: "*As jy weer begin verduidelik wat jou naam beteken, gaan ek my kop in die sneeu begrawe, ..."*
- **Peter en Iris is in konflik met mekaar omdat hulle verskillende verwagtinge vir hulself koester.** Peter stel aan Iris 'n ultimatum om saam met hom Vermont toe te gaan of die modelkontrak te aanvaar. Peter voel dat hy nie meer 'n snuiter is wat onbepaald kan wag tot Iris tot haar sinne kom nie, terwyl Iris eerder die modelkontrak wil oorweeg./Bv. bl.133: "*As jy wil blom onder ateljeeligte met mense wat jou deurmekaar gaan boelie, moet jy dit doen. Ek gaan Vermont toe."*
- **Iris is in konflik met die hotelklerk as sy hom konfronteer oor die wyse waarop hy na haar gluur/haar onhoflik behandel** terwyl die hotelklerk van mening is dat Iris nes alle Suid-Afrikaners is, wat impliseer hy kan onhoflik teenoor haar optree. Sy wil van hom weet wat sy verkeerd doen./sê aan hom dat die wyse waarop hy sy gaste behandel, haar pla./Bv. bl. 108: *"Ek wil weet wat ek verkeerd doen. Jy gluur my aan as ek hier deurstap.*"

- Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Amerika/New York/Hotelkamer (in Amerika) √ | 1 |
| 7.2 | Peter is 'n jaloerse persoon. √ | 1 |
| 7.3 | Joe se foto's kan tot haar blomoomblik lei./<br>Joe sê hy gaan sorg dat Iris 'n modelkontrak kry wat haar blomoomblik kan wees./<br>Joe neem foto's van Iris wat haar 'n modelkontrak in die sak kan bring. √<br><br>Peter ondersteun nie vir Iris toe hulle 'n afspraak met die modelagentskap het nie./sê aanvanklik niks nie omdat hy nie van Joe hou nie./Stel vir Iris 'n ultimatum om saam met hom Vermont toe te gaan./om alleen onder die ateljeeligte te gaan blom./Hy hou nie van die aandag wat sy van Joe ontvang nie. √ | 1<br><br>1 |
| 7.4 | Hulle verhouding is oppervlakkig./kommunikeer min.<br>Hulle weet nie belangrike dinge van mekaar nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.5 | Iris en haar gesin aanvaar Johanna/huishulp as deel van hul gesin.<br>Die gesin aanvaar Kara en Claude se verhouding.<br>Iris se ma maak die beampte by binnelandse sake deurmekaar as sy verseker dat Johanna nie rassisties behandel word nie.<br>Pa bou vir Johanna/huishulp 'n badkamer by haar kamer aan.<br>Iris gesels gemaklik met die taxibestuurder, Billy, in Amerika. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 7.6 | Raadgewer √<br><br>Beskermer/Verskaf humor/Klankbord/Help haar om tot insig te kom. √√<br><br>Ja<br>Die Engel sorg vir ligte oomblikke in die roman./<br>Die Engel maak soms humoristiese/verspotte/gewaagde opmerkings.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die Engel gee raad aan Iris wat nie ligtelik opgeneem moet word nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke rede vir EEN punt aan.* | 1<br><br>2<br><br>1 |
| 7.7 | Nee<br>Sy gesels met die vuurhoutjiedosieversamelaar (in die kafee waar sy gaan eet het)/vreemde man **in die kafee**. √ | 1 |
| 7.8 | Sy dra by tot Iris/die hoofkarakter se insig/groei/innerlike konflik./<br>Sy maak Iris bewus van die vreugde van 'n gesin./<br>Sy open Iris se oë vir haar behoefte om te trou./'n gesin te hê. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | Eerstepersoonsverteller/ek-verteller √<br><br>Die verteller skep/bou afwagting/spanning (met die vrae)./<br>Die verteller beklemtoon Iris se ma se bekommernis./vrese./<br>Die verteller gee inligting oor Bettie se ongesteldheid. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.10 | Iris en haar ma het nie goeie kommunikasie nie./se ma-dogter-verhouding is nie heg nie. √<br><br>Iris se ma/Els stel nie daarin belang om na die betekenis van haar naam te luister nie./<br>Sy gee nie gehoor aan Iris se versoek dat sy haar en Riekie se verhouding moet afkeur nie./<br>Iris se ma/Els stel nie belang om Iris te ondersteun/na haar te luister toe Iris deur haar eksistensiële krisis gaan nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 7.11 | Iris is hartseer/sy gee nie om as Peter die verpleegster om haar hand sal vra nie in TEKS B, terwyl sy in TEKS A positief/opgewonde is om die stad te gaan verken./vreugdevol is om Peter te sien. √<br><br>Iris verlang na haar huis./bed./ma./voel alleen in die hospitaal (al is Peter daar, want hy gee aan die verpleegster aandag, nie aan haar nie)./<br>Iris is hartseer omdat sy haar enkel gebreek het./Iris verlang na haar familie. √ | 1<br><br>1 |
| 7.12 | Ja<br>Iris besef dat sy graag kinders/'n eie gesin saam met Peter wil hê./<br>Iris kry vir die eerste keer tyd om 'n intiemer verhouding met Peter te bou./<br>Peter en Iris kuier by 'n paartjie/Brian en Bettie met gewone verhoudingsuitdagings wat Iris laat besef hoe verhoudings kan werk./<br>Die feit dat Iris haar enkel breek, dwing haar om stil te word./oor die lewe/haar verhouding met Peter te dink./<br>Iris droom van 'n toekoms saam met Peter (toe sy in die hospitaal in Vermont aangesê word om 'n toekoms op te droom). √√√<br><br>*Die kandiaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Na Baas se aankoms op Manaka ervaar hy innerlike konflik, want Baas word met ander mense op sy werf opgesaal terwyl hy hulle nie daar wil hê nie.**/is 'n alleenmens wat dink dat hy nie ander mense in sy lewe nodig het nie./wil nie by ander mense betrokke raak nie./werk net aan sy eie drome./vir Grace en die ander Lozi's wegjaag./Bv. bl. 41: *Wat sóék sy in sy huis?*/Bl. 43: *"Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."*/Bl. 93 *"Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."*/Bl. 94 *"Ek sal my eie probleme oplos, dankie."*
- **Baas ervaar innerlike konflik wanneer siek mense by hom aanklop/wanneer die khuta van hom verwag om sy voertuig in hulle belang te gebruik**, want hy wil sy tyd op sy eie manier gebruik om aan sy boot te werk./wil nie vir ander verantwoordelik voel nie./Bv. bl. 34: *Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring.*/Bl. 57: … *Solank die houer van 'n konsessie gereeld betaal en sy verpligtinge teenoor die stam nakom deur sy lewensmiddele tot die beskikking van die mense te stel, kan 'n konsessie nie gekanselleer word nie.*/Bl. 108: … *Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan!*/Bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."*
- **Hoewel Baas verkies om in isolasie/alleen 'n bestaan te maak/nie met die plaaslike bevolking interaksie te hê nie, verduur hy baie innerlike konflik** omdat die Lozi's hom opeis./aanhoudend op Manaka kos/mediese sorg/hulp kom soek./Grace vir hom sê hoe hy teenoor die Lozi's moet optree./die stampolisieman hom kom roep./hy vir die plaaslike mense kwaad is oor die moord op sy ouers./Bv. bl. 93: *"Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."*/Bl. 94: *"Ek sal my eie probleme oplos, dankie."*/Bl. 63: "*Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie? Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef? Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"*
- **Baas ervaar verder konflik wanneer hy gedwing word om tyd en aandag aan Barotseland se mense/die khuta/die sendelinge te gee/vleis vir die honger/arm Lozi's te gee** terwyl hy alles in sy vermoë doen om hom aan hulle te onttrek./sy boot op die Zambezi te kry./buffels te jag om geld te kry sodat hy die boot kan herstel./Bv. bl. 39: *Maar teen daardie tyd dryf sy boot al veilig aan sy anker op die Zambezi. Dis al wat hy te doen sal hê. Hy kan elke dag sy volle aandag aan die herstelwerk gee*./Bl. 39: *Dié wêreld is vol opsies – soos buffels jag – ás sy geld skraps raak … Buffelvleis sal sterk in aanvraag wees by die plaaslike bevolking … Vir ivoor sal daar altyd 'n mark wees*./Bl. 94: *Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"*
- **Baas wil alleen wees, maar word teen sy sin by die omstandighede in Barotseland betrek/tot interaksie met die plaaslike bevolking op Manaka gedwing, want hy word onmiddellik, as 'n soort helper beskou om armoede/honger/siekte te bestry, wat innerlike konflik veroorsaak**./Bv. bl. 42: *Toe sy baie siek was, het haar ouma Essie vir hom kom vra om te help.*/Bl. 43: *"Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring.*"/Bl. 43: … *klap sy eerbiedig haar hande vir die siek vrou op die slee.*/Bl. 62: *"Baie mense kom Manaka toe as hulle siek of honger is."*

- **Baas wil sy boot in vrede bou**, **maar daar is voortdurend iemand wat hom kom lastig val./vra om hulp./al die kos/medisyne put sy fondse (vir die boot) uit. Dit veroorsaak dat sy frustrasie/konflik breekpunt bereik**./Bv. bl. 62: *"Jy sê die mense praat omdat ek die laaste tyd kwaai is. Ek is nie kwaai nie. Ek is die donder in … Ek hét niks meer om te gee nie."*/Bl. 63: "*Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie? Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef? Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood?"*
- **Grace veroorsaak vir Baas konflik: hy besef hy het haar nodig om volkome van die malaria te herstel/die Lozi's se kultuur te leer ken/die vrede tussen hom en die khuta te verseker, maar hy jaag haar weg**, want hy glo dat hy nie ander mense in sy lewe nodig het nie./Bv. bl. 93: *"Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."*/Bl. 94: "*Ek sal my eie probleme oplos, dankie."*
- **Christenskap op Manaka is vir Baas 'n groot bron van konflik: ouma Essie, Grace en die sendelinge verwag van Baas dat hy 'n Christen moet wees, maar hy wil niks daarmee te make hê nie,/nie as Christen bekend staan nie,** want hy vererg hom oor Grace se mededeling dat ouma Essie sê hy is 'n Christen./met 'n doel na Manaka gestuur is./Bv. bl. 91: "*Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat.*"/Bv. bl. 43: "*Wat de donder het haar dié idee gegee?" sê hy in Afrikaans*./Bl. 126: *"Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te doen nie.*"
- **Grace se gesprekke met Baas/oortuiging dat Baas na Manaka gestuur is/dat die sendelinge daar moet bly sodat sy 'n werk as tolk kan kry/persepsie dat Baas na Manaka gestuur is om die pad vir die sendelinge oop te maak/vir haar te help om 'n werk as tolk te kry, maak hom woedend/ontstel hom geweldig/veroorsaak konflik,** want hy wil niks met Christenskap te make hê nie./is oortuig dat hy nie soontoe gestuur is nie./Bv. bl. 94*: "Ek is nie hiernatoe gestuur nie. Ek is op my eie hier. Hou nou op met hierdie deuntjie."*/Bl. 94: " *… het vir my ouma Essie gesê dat die sendelinge miskien vir my 'n werk sal gee om hulle tolk te wees. Dis 'n werk wat ek baie graag wil hê."*/Bl. 94: *"Ek moet die sendelinge help om hier op my eie werf in te trek sodat jy 'n werk kan kry …*"/Bl. 95: *"Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het.*"
- **In Baas se interaksie met Grace besef hy dat haar ouers deur Suid-Afrikaners, sý mense, doodgemaak is;** dit dwing hom om sy eie bitterheid en konflik oor sy ouers se dood in heroorweging te neem./*Bv. bl. 226: "Nee, Suid-Afrikaners."*/Bl. 226: *Dis lank stil in die slaaprondawel.*
- **Tydens Baas se gesprekke met Grace besef hy dat innerlike konflik opgelos kan word deur middel van vergifnis**, want sy vertel hom dat haar ouers deur wit mense vermoor is en hy ervaar dat sy nie met 'n wrok rondloop nie./dat sy goed is vir Baas./gelukkig is ten spyte van haar omstandighede./Bv. bl. 226: *"Nee, Suid-Afrikaners."*/Bl. 226: *Dis lank stil in die slaaprondawel.*
- **Baas ervaar konflik as gevolg van godsdiens, want hy word aanhoudend daarmee gekonfronteer** hoewel hy niks daarmee te make wil hê nie./Grace glo dat Baas met 'n doel na Manaka gestuur is./stel vir Baas die voorbeeld om slegte mense te vergeef./sy herinner Baas aan sy eie Christelike kinderjare op die plaas./sy neurie bekende deuntjies en herinner hom so aan die dae toe sy pa en ma se godsdienssin al was wat hy geken het./sy help Baas met die regte keuses wanneer sy *Amazing Grace* in Riekert se teenwoordigheid neurie./Bv. bl. 134: *"T'was grace that brought us safe thus far, and grace will lead us home," neurie Grace*./Bl. 199: *Dit is die liedjie wat Grace gesing het toe hy besig was om Briekwa te begrawe.*
- **Die khuta se eis dat Baas meer konsessiegeld moet betaal, bring verdere konflik en dit dwing Baas tot die besluit om weg te gaan, maar Grace se opmerking oor sy oupagrootjie laat hom van besluit verander**, want sy herinner hom aan sy droom./Bv. bl. 180: *"As daar op hierdie oomblik een ding was wat jy kon gekies het om klaar te maak …*"/ Bl. 180: *"Die ou man in jou huis sê dis te min." Sy hou die munt reg voor sy oë. "Hy sê die prys van die weddenskap is tien bokke en 'n kind.*"

- **Ouma Essie aanvaar dat Baas na Manaka gestuur is om mense te help en dit skep vir hom spanning en opstand/konflik,** want hy ontken dat hy 'n Christen is./met 'n doel soontoe gestuur is./Bv. bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry./Bl. 43: "Wat de donder het haar dié idee gegee?" sê hy in Afrikaans.*
- **Ouma Essie se teenwoordigheid en gesprekke met Baas lei tot innerlike konflik oor godsdiens,** want hy vra haar/die sendelinge wat van 'n mens 'n Christen maak hoewel hy ontken dat hy 'n Christen is./Bv. bl. 154: *"Wat maak van 'n mens 'n Christen, Grieseltjie?"*
- **Ouma Essie se leiding op Manaka met betrekking tot die daaglikse gebeure, vergaderings en verblyfreëlings vir die sendelinge, ontketen by Baas innerlike konflik**, want hy roep herinneringe aan sy ma en pa en sy eie godsdiensbelewing toe hy jonk was, op./Bv. bl. 160: *"Nommer 146," sê ouma Essie, al sing niemand uit 'n boekie nie.*/Bl. 146: "*U het die brood gebreek eens by die meer; breek tans die lewensbrood vir … Die spinnerakke wat Baas gesien het toe hy die laaste keer in die kerkie op hulle plaas was, verdwyn. Dominee Marais bedien die Nagmaal … Sy ma se mond is groot en rond en wanneer haar lippe die woorde vorm.*/Bl. 184: *Sodat elkeen wat in Hom glo … Kan 'n mens die ewige lewe hê en dit verloor?*
- **Baas se konflik oor Christenskap op Manaka word deur ouma Essie beïnvloed wanneer sy antwoorde op sy vrae gee; hoewel hy sy eie Christenskap ontken,** gee sy vir hom allerlei teksgedeeltes om te lees./Bv. bl. 197: *Ouma Essie nooi Baas om die begrafnis van die vrou wat dood is, by te woon.*/Bl. 202: *Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen.*
- **Die sendelinge se ongevraagde/onwelkome teenwoordigheid/indringing op Manaka lei tot konflik/maak Baas woedend**, want hy wil hulle nie op sy werf hê nie./wil nie Manaka met ander mense deel nie./wil nie met die sendinggedagte assosieer nie./Bv. bl. 82: *"Wat soek julle in my kamp?"*/Bl. 84: *Baas vat steeds nie sy hand nie. "Ons is sendelinge."* "*Dit maak seker nie van mens 'n helikopter-pilot nie, maak dit?"*/Bl. 86: *Grace neem die een hand. Nanna neem Grace se hand. Baas gee nie sy hande om die kring te voltooi nie.*
- **Ongemak met die sendelinge se teenwoordigheid lei tot Baas se konflik. Dit word bewys deur sy ongeskikte en ongasvrye optrede teenoor hulle/sy onbeheersde gekap van die hout/die skote waarmee hy die worse van die boom af skiet,** want hy wil hulle nie op sy werf hê nie./hy hoop hulle sal op 'n ander plek die sendingstasie gaan oprig./Bv. bl. 106: "*Dit sou nogal lekker gewees het om 'n entjie met my boot te gaan ry. Om bietjie weg te kom, jy weet. 'n Mens het dit partymaal nodig.*"/Bl. 111: *"Sê vir daardie vrou as sy dáár bankies bou, is die hel los," sê Baas tussen asemteue deur*./Bl. 114: *"Dit is dat die helikopter-pilot 'n ander plek gaan soek waar hy sy basiese regte kan uitoefen in die rukkie wat hy nog in Barotseland sal vertoef. Miskien kan julle hom help om sy meubels van my werf af te verwyder.*/Bl.138: *"Ek kom goed klaar sonder geselskap," sê hy weer.*
- **Baas se interaksie met die khuta veroorsaak innerlike konflik,** want Baas is van die begin af bewus daarvan dat hulle daarop uit is om hom uit te buit./meen hy het sy konsessiegeld betaal en wil nie verder in die khuta se diens staan nie./wil nie na hulle pype dans nie hoewel hulle van hom verwag om al sy middele te deel./Bv. bl. 56: … *Solank die houer van 'n konsessie gereeld betaal en sy verpligtinge teenoor die stam nakom deur sy lewensmiddele tot die beskikking van die mense te stel, kan 'n konsessie nie gekanselleer word nie.*/Bl. 108: *Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan.*/Bl. 86: *"Die vloek!" Baas vat nie die koffie nie.*/Bl. 87: *"Sê vir hulle hulle kan in hulle moer vlieg."*
- **Die khuta se gierigheid/uitbuiting lei tot konflik en Baas se oorweging om sy drome op Manaka te laat vaar,** want die khuta verhoog sy konsessiegeld./beskuldig hom dat hy sy konsessievoorwaardes verbreek het deur wildsvleis op die terrein te verkoop./'n boot te bou./Bv. bl. 169: *Baas se nekhare rys.*/Bl. 169: *Baas weet dit is nou sy beurt om te praat … Sal dit enige verskil maak as hy vir hulle sê hy het die laaste geld uit sy rekening onttrek?*/Bl. 169: *"Ek het niks om te sê nie." Baas staan op.*/Bl. 170: *"Daarom is dit 'n goeie ding dat julle die man wat wit is, weggejaag het met julle gierigheid."*

- Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Sy ma probeer 'n kettinkie (met 'n kruisie aan) oor sy kop trek. √ | 1 |
| 9.2 | Hy wil niks met godsdiens te make hê nie./Hy het reeds sy oupagrootjie se Bybel. √<br><br>Hy lees die gemerkte deel (met sy geboortedatum) tydens sy godsdienskonflik./ Die Bybel bring vir hom insig oor sy eie godsdienssituasie./dat hy steeds 'n Christen is./dat hy op Manaka 'n taak het om te verrig./Dis die enigste Bybel wat hy oor het nadat hy sy oupagrootjie se Bybel vir Whitey gee. √ | 1<br><br>1 |
| 9.3 | Vir Whitey √<br><br>Hy het agtergekom Whitey is sy oupagrootjie se agterkleinseun./sy agterkleinneef./dis ook Whitey se oupagrootjie. √<br><br>Ja<br>Ek dink dit was vir Baas maklik om die Bybel weg te gee omdat hy geweet het hoeveel die Bybel vir Whitey sou beteken./want hy het sy ma se Bybel gehad.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dit sou vir Baas baie moeilik wees om die Bybel weg te gee omdat sy oupagrootjie so 'n groot rol in sy lewe gespeel het. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.4 | Hy het sy familie ontgroei./Hy slaap die laaste nag in die begraafplaas. √<br>Hy wil niks met godsdiens te make hê nie. √<br><br>Sy ma en pa is in Suid-Rhodesië vermoor./Hy is verbitterd/opstandig oor hulle moord./Hy het geweldige trauma beleef toe hy maande lank alleen sy beeste gejag het. √ | 2<br><br>1 |
| 9.5 | Die alomteenwoordige verteller weet wat Baas dink. √<br>Hy weet wat die beweegrede vir Baas se optrede is. √ | 2 |
| 9.6.1 | Whitey √<br><br>Hy ry Baas en Grace aan Manaka toe sonder om betaling te verwag./<br>Hy bring vir Baas nuus oor sy voertuig se onderdele wat nie beskikbaar is nie./<br>Hy gaan soek Baas se boot./<br>Hy help Baas om die Landrover te herstel./<br>Hy bring vir Baas planke om die houtbankies onder die worsboom te herstel. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6.2 | Ja<br>Baas wil nie aan ander mense op Manaka goed doen nie, maar hy deel sy lewensmiddele/medisyne aan hulle uit soos sy pa 'n kliniek in belang van mense bedryf het./vir siek mense gesorg het./<br>Baas wil nie vir Manuel medisyne vir sy siek kind gee nie, maar hy loop twee keer na die kind toe om haar te gaan versorg soos sy pa bereid was om die soldaat van die vyand in sy kliniek te behandel./<br>Baas loop Mubuyo toe om vir Grace pille te gaan gee soos sy pa die kliniek bedryf het om mense te versorg./help./<br>Baas verdryf die olifante in 'n poging om die matakkalande van die plaaslike inwoners te beveilig net soos omgee sy pa gedryf het om 'n kliniek op Sable Ranch in te rig in belang van ander mense./<br>Hy skiet Morena as losprys sodat Johnnie sy vrou en kind kan terugkry op dieselfde manier as wat sy pa vir die soldaat/ander mense omgegee het./<br>Baas sien kans om hom in 'n vreemde milieu/ongerepte natuur in Barotseland te vestig net soos sy pa op die onbekende Sable Ranch/in Suid-Rhodesië gaan boer het.<br><br>*Die verband tussen Baas en sy pa moet duidelik aangetoon word.*<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Anders as Baas het sy pa nie met godsdiens/Christenskap 'n probleem/konflik gehad nie./het saam met plaaslike mense op die plaas in die kerkie byeengekom./godsdiens beoefen./<br>Omgee het in sy pa se bloed geloop wat bygedra het daartoe dat hy sy kliniek vir mense beskikbaar gestel het sonder worsteling/konflik terwyl Baas konflik ervaar het met die mense op Manaka./<br>Anders as Baas was sy pa nie antagonisties teenoor ander mense nie./<br>Anders as Baas het sy pa nooit 'n droom oor 'n boot op die Zambezi gehad nie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE gemotiveerde antwoorde binne konteks vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.7 | Baas gaan voort met sy werk op Manaka/verloor nie moed nie, maar Griesel gaan weg./verloor moed. √ | 1 |
| 9.8 | Griesel openbaar aan hom hoe 'n Christen nié moet optree nie./hoe onaanvaarbaar hoogmoed/selfsug in 'n Christen se lewe is./hoe maklik dit is om as Christen teen God se wil in vir jouself 'n (verkeerde) toekoms te kies. √<br><br>By Nanna sien hy liefde/deernis/omgee/uitreik na ander/onselfsugtigheid/ mededeelsaamheid wat ooreenstem met Christen-wees. √<br><br>*DIe kandidaat kan EEN soortgelyke antwoord by onderskeidelik Griesel en Nanna vir EEN punt elk aanbied.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.9 | Ouma Essie deel haar pensioengeld met Grace./sorg vir Grace./<br>Ouma Essie bring vir Baas 'n hondjie toe sy leierhond dood is./kos vir Baas om die sendelinge te kan versorg./wou vir hulle die swart bok slag./<br>Ouma Essie en Grace neem verantwoordelikheid vir Sitali./sorg vir Sitali na sy ma se dood./<br>Grace loop 40 km Ngweze toe om vir Baas te gaan medisyne soek./pas Baas op toe hy siek word./versorg Baas se honde./<br>Grace spreek Baas aan oor die arm, honger en siek mense wat op Manaka kom kos bedel./gebruik van Baas se geld om vir die ander mense kos en medisyne te koop.<br>Ouma Essie hou 'n vergadering onder die worsboom waar sy leiding neem sodat daar samewerking tussen Baas en Griesel kan wees ter wille van Manaka/<br>Ouma Essie spreek die khuta aan omdat hulle Baas uitbuit./<br>Ouma Essie nooi Baas na mnr. Mosko se ma se begrafnis sodat hy by die gemeenskap kan inskakel. √√√<br><br>*Die kandidaat gee enige DRIE gemotiveerde/soortgelyke antwoorde binne konteks vir EEN punt elk.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Baas gee geleidelik meer om vir die mense met wie hy Manaka moet deel./ ontferm hom oor Johnnie se ellende./oor siekes op Mubuyo wat hulp nodig het./dra vir Chisupo uit ouma Essie se hut./bid vir ouma Essie./aanvaar die rol as geestelike leier./voltooi die bankies vir 'n bymekaarkomplek./maak Manaka sy eerste prioriteit en nie die boot nie./maak sy eie drome ondergeskik aan dit wat op Manaka belangrik is.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Omgee is in die Chipmans se bloed./Baas het die omgee by sy voorouers geërf./Baas moes net eers vrede maak met sy rol op Manaka voordat hy kon toelaat dat sy omgee volledig tot uiting kom. √ | 3<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.10 | Baas deel dieselfde droom as sy oupagrootjie om 'n boot op die Zambezirivier te hê./het as kind gedurende skoolvakansies met sy selfgemaakte blikskuit op die Ebenezer-dam geroei. √ | 1 |
| 9.11 | In sy oupagrootjie se kanaal./Liabwa la Twelve. √ | 1 |
| | | **25** |

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Tant Wonnie ervaar konflik omdat sy nie Heinrich se huweliksaanbod aanvaar het nie.** Tant Wonnie is spyt dat sy nie ja gesê het toe Heinrich haar verskeie kere gevra om voor die dominee te trou nie./Bv. bl. 126: *Hy het my nooit 'n ring gegee om aan my vinger te sit nie, sê sy en laat haar hande sien. Daar wás 'n ring, maar dit was om ons harte, ons kon dit nooit verloor nie, nie eers in die dood nie.*/Bl. 126: *Toe, is agterna vertel, het daar 'n traan uit haar linkeroog gekom, die een waarmee sy nie kan sien nie omdat die perdeby haar jare terug daar gesteek het.*/Bv. bl. 179: *Ja Mineer, ag, en Heinrich het gesê as hy terugkom van die oorlog af sal ons met 'n ring trou. Maar my Heinrich het nooit van die oorlog teruggekom nie. Toe sien die hof hoe 'n traandruppel uit die oog val wat lewendag is maar nie kan sien nie.*
- **Tant Wonnie ervaar konflik met ander se belewing van God** wanneer sy verneder word./geboei voor die perd uitgejaag word. Dit stem nie ooreen met Tant Wonnie se Godsbegrip nie./Bv. bl. 130: *Ek wil nie deel wees van hulle se God nie.*
- Agter op Piet de Bruin se lorrie onthou Tant Wonnie weer van sy seksuele attensies en **die stryd/innerlike konflik wat sy gehad/beleef het omdat sy byna ingegee het** toe Piet de Bruin haar wou verkrag./Bv. bl. 134: *Daardie Saterdag het ek byna vir hom ingegee, het Tant Wonnie nou sit en dink. Maar danksy my geliefde Heinrich, wat vir my nog lewendag was al het hy nie meer geleef nie, kon ek my teensit.*
- **In die tronk beleef Tant Wonnie innerlike konflik omdat sy nie weet waar haar dogter, Suzan, is nie.** Suzan het saam met haar (op Piet de Bruin se lorrie) na die polisiestasie gekom. Tant Wonnie is bekommerd oor Suzan se veiligheid./wil weet of Suzan veilig in Du Toitspan is terwyl Tant Wollie in die tronk is./Bv. bl. 145: *Suzan, Suzan, waar is jy? het sy hardop gesê. Waar is jy tog, my kind?*
- **Settie September en Tant Wonnie ervaar konflik** wanneer Settie Tant Wonnie van diefstal beskuldig. Tant Wonnie weet dat sy nie 'n dief is nie./Bv. bl. 127: *Sy's 'n dief! Sy's 'n dief! Tant Wonnie het haar kop gelig en na hulle gekyk want hulle het haar nie bang gemaak nie.*
- **Uiterlike konflik/'n Woordewisseling ontstaan** nadat mev. De Bruyn Kaaitjie by die Bosmans laat werk sonder dat Tant Wonnie toestemming daartoe gee. Tant Wonnie sê dat werksmense/slawe nie besittings van die Boere is nie./Bv. bl. 135: *Tant Wonnie was baie ontsteld toe Anna de Bruin terugkom en haar vra en sy het gesê: Miesies de Bruin, jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee en haar te jy en jou nie.*
- **Wanneer die Septembers op die kapkar klim, Tant Wonnie se gemmerbier opdrink en die bottel afgooi, ontstaan uiterlike konflik/raak Tant Wonnie handgemeen met die Septembers** en (Tant Wonnie) gooi hulle van die kar af./Bv. bl. 190: *Met die regterhand pluk sy vir Johnny September deur toe en stamp hom toe met haar voet agter sy rug buitentoe.*/Bl. 190: *Wat die ma en dogter kans gee om haar uit die kapkar te stoot.*
- **Oom Chai ervaar konflik as daar ander karakters is wat met Bettie wil dans; hy wil nie toelaat dat ander met haar dans nie, net hy kan met haar dans.** Hy sit nie op een dans tydens die stokvel uit nie, maar hy betaal die prys hiervoor: hy lê snags wakker met allerhande liggaamspyne./Bv. bl. 281: *Terwyl hy snags wakker lê van allerande liggaamspyne, het hy gedink: Nou weet ek waar ek die fout gemaak het.*

- Oom Chai hou nie daarvan dat ander aandag aan Bettie gee nie**, hy beleef innerlike konflik oor die jongmanne se aandag aan Bettie**. Dit lei daartoe dat die jongmanne nie meer kom kuier nie, maar Oom Chai se vriende het ook weggebly./Bv. bl. 280: *Sommer gou het nie een van Oom Chai se ou vriende meer by hom kom kuier nie, want hulle het gesê hulle voel ontuis.*
- **Hy is jaloers/beleef innerlike konflik omdat die jongmanne Bettie aantreklik vind en trek haar roksoom af sodat hulle nie haar knieë kan sien nie.** Dit het Bettie erg geïrriteer en het konflik tussen haar en Oom Chai veroorsaak./Bv. bl. 279: *Maar wat sy nie kon verdra nie, was dat as sy op 'n stoel gesit het en daar was jong manne in die buurt, hy haar roksoom afgetrek het asof hy nie wou hê hulle moet haar knieë sien nie.*
- **Bettie dans met Boitjie wat teen Oom Chai se wense/keuse is,** Oom Chai gooi die grammofoon fyn en flenters en dans nie meer nie./Bv. bl. 281: *Hy het dinge probeer verander, maar dit was te laat. Sy het klaar iemand gevind wat by haar maniere inpas. Die eerste ding wat Oom Chai toe gedoen het, was om toe hy alleen by die huis was, die gramophone bo sy kop te tel en hom fyn en flenters te laat val.*
- **Boitjie dans met Bettie en dit veroorsaak konflik by Oom Chai**, hy hou nie meer van Boitjie nie./wil nie hê Boitjie moet soveel aandag aan Bettie gee nie./Bv. bl. 281: *Die grootste haat wat my lewe verpletter, is die Kapenaar, het hy homself hoor sê toe Boitjie weer eendag sommer net instap en op 'n stoel gaan sit …*
- **Oom Chai beleef innerlike konflik oor/is jaloers op die aandag wat Bettie van die jongmanne kry.** Bettie beskuldig Oom Chai van jaloesie en sy verhouding met Bettie begin krake wys. Bv. bl. 280: *Oom Chai het niks van hierdie Kapenaar gehou nie en hy het dit gereeld vir Bettie gesê. Sy het net altyd gesê: Jy is jaloers, my ou man.*
- **Oom Chai vertrou nie vir Boitjie en Bettie nie/beleef innerlike konflik oor Bettie en Boitjie se gemoedelike samesyn,** en behandel Bettie, uit jaloesie, soos 'n gevangene in haar eie huis. Oral waar hy beweeg, moet sy saamgaan./Bv. bl. 281: *Hierna kon Bettie nêrens meer sonder Oom Chai gaan nie. Sy het soos 'n hen in 'n hok in haar eie huis gevoel.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1.1 | Hy neem die familiebybel na Steven (in die Vrystaat). √ | 1 |
| 11.1.2 | Steven word as die "Boere-dokter" beskou./help die boere wat beserings het tydens die oorlog./help dokter. √ | 1 |
| 11.2 | George Lewis √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie gemotiveerde antwoord aan, bv.*<br><br>Nee<br>George Lewis probeer net goed wees vir Chai./help Chai om 'n pensioen te bekom./help Chai om Vatmaar as nedersetting te vestig.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Chai kan kies met wie hy vriende wil wees./<br>Chai bedoel dat hy nie graag van George wil weggaan nie, nie dat hy nie George se vriend is nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.3 | Chai het gesê dat Ta Vuurmaak dood is sodat hy betaling kan ontvang./gesorg dat Ta Vuurmaak vergoeding na die oorlog ontvang. √ | 1 |
| 11.4 | Steven het die halfverbrande wakis na die Boerestryders geneem sodat hulle dit tot hul voordeel kon gebruik. √<br>Chai het die boumateriaal/kombuisgoedere wat hy gevat het, op Vatmaar gaan versteek vir latere gebruik. √<br><br>Chai √<br>Dit was nie verkeerd om te steel nie./Die goedere was daar vir ander se gebruik. √ | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| 11.5 | Steven het 'n burgererf ontvang. √<br><br>Nee<br>Die burgererwe is deur die Boere aan diegene gegee wat die Boerestryders bygestaan het tydens die oorlog./Chai het tydens die oorlog teen die Boere opgetree. √ | 1<br><br>1 |
| 11.6 | Settie (September) √ | 1 |
| 11.7.1 | (Oom) Chai √<br><br>Boitjie (Afrika) gee te veel aandag aan Bettie./Chai se vrou. √ | 1<br><br>1 |
| 11.7.2 | Ja<br>Boitjie meng in 'n ander se huwelik in (wat nie geregverdig is nie). √<br>Boitjie respekteer nie vir Chai tydens sy besoeke aan sy huis as hy Chai jalap voer nie. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |
| 11.8 | Derdepersoonsverteller/alomteenwoordige verteller √<br><br>Die leser leer die (geloofwaardige) karaktereienskappe van Boitjie Afrika ken. √<br>Die redes waarom Boitjie Afrika na Vatmaar is, word aan die leser bekend gemaak. √ | 1<br><br>1<br>1 |
| 11.9.1 | Boitjie (Afrika) tree selfsugtig op./dink nie aan ander mense nie. √ | 1 |
| 11.9.2 | Boitjie (Afrika) dink nie aan Chai se gevoelens as hy vir Bettie van Chai afrokkel nie. √<br><br>Boitjie dink daaraan om ter wille van die ouers/kinders hulle nie uit die werk te hou (om sokker te oefen) nie. √<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke bewyse uit die roman vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.10 | Die mense van Vatmaar/gemeenskap ("ontheemde Griekwas, Tswanas, Basotho's, Indiërs, Chinese, Khoikhoi, Rooinekke, Boere, Suidwes-Duitsers") kon nie in die oorwegend blanke Du Toitspan woon nie./was nie op ander plekke welkom nie. √<br><br>Chai het nie gemaklik gevoel om na sy huis in die Vrystaat terug te keer nie, hy het op Vatmaar welkom gevoel. √<br>Boitjie was nie welkom om langer by Percy (en Frieda) te bly nie, terwyl almal in Vatmaar welkom was. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Daar is konflik tussen Greg en sy pa** wanneer hulle in 'n woordewisseling betrokke is oor Greg se prestasie/toekoms. Sy pa verwag van Greg om beter prestasie te lewer, terwyl Greg reken dat dit goed genoeg is om dieselfde prestasies te lewer./Greg se pa verwag van hom om oor sy toekoms te dink en te beplan (soos wat hy in sy besigheid beplan), terwyl Greg nie soos sy pa wil wees nie/Bv. bl. 48: *"Ek het beter verwag van jou," praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is: "Ruggraat! Kry een! ...*/Bl. 48: *Turret Media. My pa se magtige mediamasjien. Sy lewe draai om die plek, en hy reken myne moet ook ... Die atmosfeer in die sitkamer was skielik gelaai.*
- **Greg se pa en Greg beleef uiterlike konflik** na sy weiering om die rugbywedstryd te speel na aanleiding van die skool se hantering van Eckardt se verdwyning. Sy pa verwag van hom dat dit goed met die rugby sal gaan./om rugby te speel./nie die skoolhoof se gesag te ondermyn nie./Bv. bl. 105: *"Wat hoor ek van Dok Pienaar? Jy het glo gister geweier om rugby te speel." Net soos 'n bom wat ontplof. Bloed en skerwe oral.*/Bl. 105: *"Nou moet ek verduidelik. Geen liegstories nie, my pa sal weet." "Watse snert is dit?" vuur my pa nog 'n rondte af.*
- **Greg ervaar innerlike konflik/intense vrees na sy uitbarsting** teenoor Dok Pienaar (met betrekking tot Eckardt se verdwyning), want hy weet nie wat die gevolge daarvan vir sy en sy pa se verhouding gaan wees nie./Bv. bl. 76: *Maar bo alles is daar die vrees wat tussen my derms rondwurm, want ek weet daar is nou 'n groter draak wat ek sal moet aandurf ... ek sal aan my pa moet kan verduidelik wat ek gedoen het.*
- **Greg ervaar konflik oor die leuens wat hy aan sy pa opdis** wanneer sy pa hom uitvra oor sy skoolwerk.Dit pla Greg as hy moet voorgee dat alles reg is terwyl hy weet dat hy leuens vertel./Bv. bl. 165: *Weer 'n leuen ... Loser. Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid. En ek moet die skyn voorhou dat alles oukei is.*

- **Die ontbloting van Greg se pa as een van die drie skurke in die virusskandaal veroorsaak innerlike konflik** wanneer hy besef dat hy vir sy pa se ontbloting verantwoordelik is. /Bv. bl. 215: *"My pa?" "Dis reg, die Candlestick-maker is jou pa ... Toe jy vir Dok ontmasker het as die Butcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi."*/Bl. 215: *Dis hoe vrees voel ... En jy hoor dit – jou eie hart. Klop. Klop. Klop.*/Bl. 216: *Die oomblik is soos 'n reusegolf wat my alleen op 'n strand kry, oor my breek, my platvee, uitmekaarruk.*
- **Daar is konflik tussen Greg en Dok Pienaar** oor die skool se hantering van Echardt se verdwyning. Die skool wil dit afmaak as 'n blote wegloop, terwyl Greg Dok Pienaar se gebrek aan optrede as slapgattigheid beskou en hy Dok Pienaar daaroor konfronteer./Bl. bv. 75: *Voor ek kan keer, spoeg ek die woorde uit: "Ek dink dis pateties!"*
- **Greg en Dok Pienaar beleef uiterlike konflik** as Greg die sogenaamde brief oor Eckardt se drostery bevraagteken. Dok Pienaar reageer kil teenoor Greg se uitbarsting./Bv. bl. 76: *"Ek gaan nie dat jy my dreig nie... Lawson is 'n gerespekteerde instelling met 'n goeie reputasie. 'n Droster soos Eckardt Wilken gaan dit nie verongeluk nie ... gaan sit jy maar in jou koshuiskamer en huil oor hom."*
- **Daar is konflik tussen Dok Pienaar en Greg** as hy dreigend teenoor Greg reageer omdat dit deur hom is dat hy in hegtenis geneem is./Bv. bl. 203: *"Jou klein pes!" skree hy toe hy my sien. Sy gesig vertrek van woede ... "Wat het jy gedoen? Ek sal jou kry, Greg, My mense sal jou kry."*
- **Greg ervaar innerlike konflik as Dok Pienaar hom intimideer** oor sy uitbarsting na aanleiding van Eckardt se verdwying./Bv. bl. 76: *Binne my wil dit gelyk skree van frustrasie en juig omdat ek my man gestaan het teen Dok se slapgatttigheid.*
- **Greg staan in konflik met Eckardt** as hy hom in die middel van die nag naby Nicole se kamer sien, want hy dink dat Eckardt by Nicole in die kamer was./Bv. bl. 148: *Hy het net 'n slaapbroek aan ... "Wat de hel dink jy doen jy?" Ek staan nou reg voor hom ... My vingers trek saam in vuiste soos die woede in my kook.*/Bl. 149: *"As jy 'n probleem het, moet jy my sê, Greg. Dan kan ons dit uitsort. Hier en nou!"*
- **Daar is konflik tussen Greg en Eckardt,** want Greg rand Eckardt aan toe hy uitvind hoe hy deur hom in sy wraakplanne ingesuig is./Bv. bl. 215: *En toe ek sien, is Eckardt op die grond. Met my vuiste wat hom tref. In die gesig. Bloed oor my hande.*
- **Greg ervaar innerlike konflik as hy so ingetrek raak by die uitdagings van die kuberwêreld** omdat hy sy skoolwerk begin afskeep terwyl hy weet dat daar van hom verwag word om te presteer./Bv. bl. 97: *Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê ... Ek sal my agterent in rat moet kry ... Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.*
- **Greg beleef innerlike konflik oor die ontbloting van sy kuberbedrywighede** na die ondervraging van die polisie in verband met Eckardt se verdwyning, want **hy weet nie wat die gevolge van sy aanmelding/dade vir hom inhou** nie./Bv. bl. 131: *... voel dit vir my of 'n tsunami oor my is ... My armholtes is natgesweet. My kop is gestoomroller van al die vrae ... Hulle het vingerafdrukke ook geneem. En toe 'n verklaring.*
- **Kwanele, die onderhoofseun, reël 'n VRL-vergadering sonder om Greg, die hoofseun, in die saak te ken**, dit veroorsaak konflik./Bv. bl. 50: *"Vir wat? Ek is die hoofseun, het jy vergeet?*/Bl.58: *"Ek het hom op sy plek gesit gisteraand by die VRL-vergadering."*
- **Greg beleef innerlike konflik oor sy verhouding met Nicole** omdat hy nie met haar wil praat nie, maar verplig voel daartoe./nie weet of hy haar kan vertrou nie./Bl. bv. 43: *As ek dooddruk, sal sy my hel gee.*
- Nicole gee tydens die vakansie meer aandag aan Eckardt as aan Greg**, dit veroorsaak konflik tussen Greg en Eckardt**./Bv. bl. 149: *"Eckardt, ek is nie flippen blind nie. Ek sien hoe kyk sy vir jou." ... "Ek sal jou hard bliksem as jy aan haar vat, hoor jy vir my, Eckardt?"*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | TJ en Greg praat oor Eckardt se verdwyning (wat deur die skool stilgehou word).√ | 1 |
| 13.2.1 | TJ het Greg by die polisie verklik.√<br><br>TJ is lojaal aan sy skool.<br>Omdat TJ die kleinseun is van die persoon wat die skool laat bou het, wil hy nie hê enigiets moet sy oupa se handwerk bedreig nie.<br>TJ volg reëls./daag nie gesag uit nie./is iemand wat die regte ding doen. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 13.2.2 | Ja<br>Hy gaan sy vriendskap met Greg opoffer ter wille van wraak. | 1 |
| 13.3 | Greg/Ek-verteller √<br>Die leser neem van Greg se reaksie op Eckardt se verdwyning kennis./lei af dat Greg oor vasberadenheid/lojaliteit teenoor sy vriend beskik./ervaar die intrige vanuit Greg se oogpunt. √ | 1<br>1 |
| 13.4 | Hy is skynheilig./vals./gewetenloos./bedrieër. √<br>Dok Pienaar is 'n manipuleerder./vriend van die skoolkinders om sy sin te kry.√<br><br>Ja<br>Dok Pienaar manipuleer Greg se pa om by sy misdadigheid betrokke te raak. √<br>Dok Pienaar is nie 'n eerlike hoof/rolmodel nie, maar (as misdadiger) vals./gee voor wat hy nie is nie./is die Butcher in die viruskorrupsie./<br><br>OF<br>Nee<br>Daar is geen bewyse dat Dok Pienaar as skoolhoof vir Greg se pa manipuleer het nie.<br>Dok Pienaar het Greg se pa as sakeman manipuleer. √√ | 1<br>1<br><br>1<br>1<br><br>2 |
| 13.5.1 | Rebels/Sinies √<br><br>Greg verwag dat Eckardt se verdwyning ondersoek moet word terwyl Dok Pienaar van mening is dat dit nie in die skool se beste belang is om spoke op te jaag nie./<br>Greg bly nie stil toe Dok Pienaar Eckardt se verdwyning wil toesmeer nie, hy konfronteer Dok Pienaar daaroor/weier om die rugbywedstryd te speel. √<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die konflik vir EEN punt aanbied.*<br><br>Greg se pa dwing Greg om Dok Pienaar om verskoning te vra./weer rugby te speel. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.5.2 | Uitdaag van gesag/verset teen gesagstrukture/ Bevraagtekening van gesag √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.6 | Eckardt/Ekk-0 se blog √<br>Hy probeer uitvind hoe om 'n *RAT* op Dok Pienaar se rekenaar te installeer./ Hy soek 'n manier om deur die skool se *firewall* (vuurmuur/netskans/ brandmuur) te breek. √ | 1<br><br>1 |
| 13.7 | *Social engineering* is wanneer rekenaarstelsels binnegedring word deur die swakste skakel/mense wat oor die wagwoorde beskik, te teiken./om ander mense te manipuleer ter wille van jou eie planne./ *Social engineering* is die manier waarop jy mense oorreed om eie of ander se persoonlike inligting vir jou te gee. √<br><br>Joan gee sonder meer die wagwoord vir Dok Pienaar se rekenaar aan Greg (toe hy hom as die rekenaaradministrateur van die skool voordoen). √<br><br>Eckardt maak hom sy vriend./Greg lê sy familiegeheime aan Eckardt bloot./ Eckardt leer Greg om te hack om sy eie *street-cred* te verhoog./ter wille van sy eie wraakplanne. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.8 | Die *Butcher*/Dok Pienaar het Eckardt se pa laat vermoor./is die oorsaak van sy verdwyning./Eckardt se pa was die regter wat die saak moes aanhoor. √ | 1 |
| 13.9 | Ja<br>Greg se pa se aandeel in die regter se dood/verdwyning is blootgelê./sy korrupsie is blootgelê./die gesinsbande is vernietig toe die waarheid ontbloot is. √<br>Dok Pienaar is as misdadiger ontbloot./sy aandeel daarin om Eckardt se pa te laat verdwyn, word blootgelê./se aansien (by die leerlinge) het gedaal. √ | 1<br>1 |
| 13.10 | Nee<br>Greg se familie verbrokkel nadat die geheime blootgelê is.<br>Greg weet nou dat sy pa wel 'n aandeel in John se selfdood het.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Greg wil nie 'n *clone* van sy pa wees nie, (daarom sal hy die waarheid ontbloot).√<br>Greg soek antwoorde na sy broer se selfdood. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Nadat Johnnie, as bruin man in die Apartheidsera, matriek geslaag het,** sukkel hy om 'n ordentlike werk te kry; wat hom gefrustreerd en desperaat maak./Bv. bl. 31: *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien ... en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...*/Bv. 46: *MAP*: *... Oompie Paulsen-hulle ... even hulle ... net so ... dieselde ... allerhande ekskusies ...* /Bl. 46: *Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie ... Here Jesus, wie is ekke om te mind! ... ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer gechange, ek het weer 'n mens geword ...*
- **Johnnie word blootgestel aan die uitsiglose bestaan van sy omstandighede en in sy soeke na identiteit sluit hy by die bendes aan./Die kinderlike, onskuldige Johnnie wat Blanchie in die speelpark wil soen, verander later in 'n gevreesde bendeleier omdat hy in die bendes 'n identiteit vir hom vind**; sy nuwe naam – Map – is die gevolg van sy tatoeëermerke./sy soeke na identiteit./Bv bl. 31: *MAP*: *... Kan jy sien die tattoos, al die merke? ... 'it was 'n terrible gesoek seker, vir 'n identity ... 'is verskriklike merke dié, maar dis nog altyd deel van my kaart, 'it wys waar ek gewies het ...*/Bv. bl. 24: *Ek wil oek iets gewies het ... jy't tog ge-verstaan ...*/Bl. 31: *MAP*: *... toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente ... Maar ek was die leader ... Ek was altyd die leader ...*/Bl. 46: *Ek mind nie wat Blanchie gedoen het mean-while nie ... Here Jesus, wie is ekke om te mind! ... ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer gechange, ek het weer 'n mens geword ...*
- **Map, die bendeleier,** is aandadig aan die verkragting van sy ma en suster en die moord op sy suster./Bv. bl. 33: *MAP*: *Ek is 'ie leader, verstaan! Okay, sê ek, moet net 'ie lat die vrouens skrie nie! ...Toe vat hulle die vrouens ... Sy skrie ... En toe wiet ek, 'cause 'it was onse manier, toe wiet ek hy wurg die vrou ... lat sy stil moet bly ...*/Bl. 34: *MAP*: *... Ek het geskrie en geskrie! 'it was te laat ... 'is my suster, is Klein-Meisie ... Toe tel een van hulle oek vi' Ma, vi' Grootmeisie Jacobs ... van 'ie grond af op ...*/Bv. bl. 7: *RICHIE*: *Wat gaat hy doen? 'n Changed man? Map Jacobs, 'n changed man? ... Ek sê vi' jou, hy maak vi' julle ammal vrek, van vóór af!*
- **Sy omstandighede versleg wanneer hy, die bendeleier, 'n moordenaar word wat** die bendelid wat sy suster doodmaak, vermoor./Bv. bl. 34: *MAP*: *... die next oomblik was ek op hom, ek het daai oomblik nie gewiet eers wie wás 'it nie. Ek swaai hom net van haar af, en ek stiek hom met die mes ... En toe sien ek oek 'it was Ivan Philander wat ek doodgestiek het ...*
- **Wanneer hy in die tronk tot bekering kom, verander Map se omstandighede ten goede omdat hy verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar en** voor God, Apostel George en sy ma sy skuld bely en om vergifnis smeek. Hy word weer Johnnie./Bv. bl. 33: *MAP*: *O God, vergewe my! ... APOSTEL GEORGE*: *Die Here vergewe ...*/Bl. 32: *APOSTEL GEORGE: ... jy's nou gered, broer Jacobs ...*

- **In die tronk ervaar Map intense skuldgevoelens en toon berou oor sy dade wat 'n ommekeer in sy lewe bring**./Bv. bl. 31: *MAP: So hierso acknowledge ek nou, my Here ... In die teenwoordigheid van my ma en Apostel George ... jy moet die guts hê, en alles sê voor God!*/Bl. 46: *... ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer gechange, ek het weer 'n mens geword ...*
- **As tronkvoël ervaar Map die verwerping en belediging van die gemeenskap, want hy word skuldig bevind aan moord en gaan tronk toe.** Uiteindelik verander Map sodanig/ ontwikkel sy karakter so dat hy 'n veranderde mens is, iemand wat anders na sy omstandighede, verlede en toekoms kyk**,** want hy glo self dat hy 'n lewe vol gemors agterlaat en 'n veranderde mens is./ Bv. bl. 23: *CAVERNELIS*: *... Hy's 'n ... 'n misdadiger ...*/ Bl. 7: *RICHIE*: *... hy't 'n oeg op haar gehad, voordat hy in is, die vark!* Bv. bl. 11: *MAP*: *... Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*
- **Map se omstandighede word slegter wanneer hy verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar en hom aan die polisie gaan oorgee** na die moord op Ivan Philander./Bv. bl. 35: *MAP*: *Toe's ek polisiesstasie toe, na die sergeant op nightduty... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi'* die boeie ... *Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...*
- **Johnnie toon insig aan die einde** as hy teenoor Blanchie sy "vuil" en "sleg" bely en hulle herenig word./Bv. bl. 60: *MAP*: *... Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ... Hulle hou mekaar styf vas. Soen mekaar hartstogtelik.*/Bl. 60: *MAP*: *Dit ... moet nou so ... gebeur ... Blanchie ... Dit moet nou ... so gebeur ...*/Bv. bl. 11: *MAP*: ... *Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*
- **Johnnie se omstandighede verander wanneer Map, die leier van bendes, weer Johnnie word met die moontlikheid om 'n leier in die gemeenskap/**as die saxofoonspeler te word./ Bv. bl. 62: *... en óns hoor – die saxofoon, soos hy dit gespeel het, voorheen ... Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map – hy val half – voor Antie Grootmeisie neer. ANTIE GROOTMEISIE: ... Johnnie ...*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Hy verkoop *soft goods.*/Hy doen twee werke. √<br><br>Vasgevangendheid/uitgelewerdheid/uitsigloosheid/soeke na identiteit/ bevryding √ | 1<br><br>1 |
| 15.2 | Apartheid/Gedwonge verskuiwings as gevolg van die Groepsgebiedewet./ Groepsgebiedewet √<br><br>Die inwoners is in 'n gebied vasgevang waar hul nie werk kan kry nie./ervaar hulle bestaan as 'n tronk./het nie 'n toekomsverwagting nie./se tradisionele/ gevestigde manier van leef het onherroeplik verander./Werkloosheid/ Armoede lei tot allerhande verkeerde dinge, bv. misdaad/bendes. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.3 | "Los nou vir uncle Cavernelis af, man!" √<br><br>Tommy is eintlik die een wat niemand uitlos nie./druk sy neus in ander se sake. √ | 1<br><br>1 |
| 15.4 | Maud is baasspelerig./dominerend/hoogmoedig. √ | 1 |
| 15.5 | Cyril doen niks./Hy speel sy dae om./Hy onderwerp hom aan die situasie. √<br><br>Teen die einde van die drama is Maud en Blanchie se lewe nóg gesond, nóg welvarend, nóg gelukkig, want Cavernelis/die pa is dood./<br>Teen die einde van die drama het Maud-hulle se situasie nie beter nie, maar slegter geword, want die broodwinner is dood./<br>Teen die einde van die drama kan nóg Maud, nóg Blanchie soos regte mense lewe, want albei sal moet gaan werk soek./<br>Teen die einde van die drama bly die Cavernelis-gesin op die Kaapse Vlakte vasgevang, want anders as Cyril se wens/versugting, het hulle situasie eintlik versleg. √√<br><br>*Albei kante van die ironie moet vir EEN punt gegee word.* | 1<br><br>2 |
| 15.6 | Hy probeer reaksie by Cavernelis ontlok (omdat hy geen reaksie van Cavernelis kry op sy aanvanklik aanval oor hul idee om uit die Kaapse Vlakte te kom nie.)<br>Hy wil Cavernelis ontsenu./<br>In die verwikkeling van die drama wil/moet spanning toeneem./Dit skep spanning. √<br><br>(Cavernelis is geskok) omdat hy geglo het Blanchie sal reeds weg wees teen die tyd dat Map vrygelaat word./<br>Cavernelis besef hy kan niks doen om Blanchie van Map weg te hou nie./<br>(Cavernelis is bang) vir wat Map aan hom sal doen as hy op parool vrygelaat word. √<br><br>Ja<br>Hy hou nie van Map Jacobs nie./is bang vir wat die man aan hom/sy gesin kan doen./wil nie dat Blanchie en Map die verhouding hervat nie./vrees Map se reaksie op Blanchie se doen en late./is geskok <u>omdat hy gedink het dat Map nog lank in die tronk sal wees</u>. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.7 | Die waardeloosheid van die simpatie/Sy magteloosheid/die onsekerheid oor die toekoms/uitsigloosheid/skynheiligheid van die simpatie word beklemtoon./<br>Hy wil die teenstrydigheid in die mense se houding beklemtoon. √ | 1 |
| 15.8 | Cyril lag sinies./venynig./vermakerig. √<br>Map lag uit ongeloof./ontnugtering./moedeloosheid. √<br><br>OF<br><br>Albei/Cyril en Map lag sinies. √√<br><br>Cyril weet dat die situasie nie gaan/kan verander nie./dat daar nie vir hulle/ die inwoners op die Kaapse Vlakte hoop is nie./voorsien nie vir hulle 'n toekoms nie. √<br>Map twyfel of die toekoms vir hom beter gaan wees./sien nie 'n beter toekoms nie./besef dit gaan moeilik wees om die situasie te verander./werk te kry./sy tronkreputasie af te skud.√ | 22 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.9 | Hy is die geestelike leier/man wat Map in die tronk bekeer./help om sy lewe te verander. √<br><br>Hy dra daartoe by dat Map sy ou lewe aflê./bieg oor sy dade./vergifnis by Antie Grootmeisie kry (want sy noem hom weer Johnnie). √ | 1<br><br>1 |
| 15.10 | Ja<br>Map aanvaar verantwoordelikheid vir sy dade.<br>Hy het die leiersposisie/saksofoon in die orkes gespeel.<br>Map is die leier van drie bendes./sê dat hy altyd die leier was. √√<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie, want "negatiewe" leierseienskappe is tog steeds leierseienskappe.* | 2 |
| 15.11 | Hy was die leier van bendes./het dit laat doen omdat hy na identiteit gesoek het./wou iewers behoort./Die tatoeëermerke vertel Map se geskiedenis/ lewensverhaal. √<br><br>Nee<br>Dit bring vir hom skuld oor sy sussie se dood/ma se verkragting./ma se stomheid./tronkstraf./verwydering van Blanchie./Hy verloor sy plek as orkeslid./ Werkgewers stel hom nie aan as hulle die tatoeëermerke sien nie./dis vir homself 'n herinnering aan sy vroeëre misdadige lewe./herinner hom aan die verskriklike dade wat hy as bendelid en -leier gepleeg het.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Die tatoeëermerke was die teken van sy identiteit./het hom aansien gebring./het op sy leierskap in die (drie) bendes gedui. √<br><br>**EN**<br><br>(Ja)<br>Hy is nie wraaksugtig/gewelddadig nie./<br>Hy aanvaar dat enige werk goed genoeg is./<br>Verkwalik Blanchie nie vir wat sy gedoen het nie./<br>Map leef soos 'n bekeerde. √ | 1<br><br><br><br><br>1<br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Meisie se omstandighede is baie moeilik as gevolg van die Groot Depressie/dwing haar tot 'n ingeperkte bestaan op 'n armoedige stukkie grond in 'n ewe armoedige huis**, daarom smag sy na 'n uitkoms en kan dus maklik deur Konstabel beïnvloed word om weg te breek./Bv. bl. 31: *Van na die Depressie af. Dit was vir my arme man te veel. (Sug) 'n Tiekie vir 'n skaap.*
- **Meisie se bestaan word gekenmerk deur armoede en harde werk/hulp aan haar ma met werk en skoonmaak/finansiële nood wat haar beperk om iets anders te doen/die maak van sakke vir die misverkope/sorg vir haar pa in die solder** wat by haar die begeerte laat ontstaan aan 'n ander soort lewe – wat Konstabel haar oënskynlik bied./Bv. bl. 6: *Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*/Bl. 22: *Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie.*
- **Meisie is eintlik 'n gevangene in haar eie huis** omdat sy haar pa in die solder moet bedien deur te sorg vir kos en sy moet die slopemmer skoonmaak; vandaar dan die begeerte om 'n eksotiese lewe buite die huis te voer./Bv. bl. 5: *As ek opkyk, sien ek sy benerige, wit hand.*/ Bl. 22: *Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie.*
- **Meisie voer 'n eensame bestaan** omdat niemand by haar wil kom kuier nie a.g.v. die mis (wat sleg ruik)./sy aanhoudend moet werk. Daarom is wegbreek saam met Konstabel vir haar 'n positiewe uitkoms./Bv. bl. 26: *Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis ... Maar dit stink!*/Bl. 26: *En dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie ... Laas jaar het Danie Venter kom kuier ...*/Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol sto*f.
- **Meisie voer 'n ingeperkte, benouende bestaan** as gevolg van 'n baasspelerige ma./haar ma se oordrewe eng uitsig op die lewe./haar ma wat haar van 'n doodgewone jongmens-lewe/avontuur/vryheid/individualiteit/identiteit weerhou. Om saam met Konstabel weg te breek, hef al hierdie frustrasies op./Bv. bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*
- **Meisie word tot gehoorsaamheid gemanipuleer/moet haar ma se opdragte/bevele sonder verset uitvoer**, want sy weet ongehoorsaamheid veroorsaak dat haar ma siek word. Wegbreek saam met Konstabel is vir haar 'n beter/makliker/opwindender opsie./Bv. bl. 7: *Destyds het jou gehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*/Bl. 7: *Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!*
- **Meisie is diep ongelukkig en smag na vryheid**, want sy doen goed/loop selfs een nag weg sirkus toe wat bewys dat sy begeer om soos 'n gewone mens opwinding en avontuur te beleef. Haar uiteindelike wegbreek saam met Konstabel lyk vir haar na die bevryding waarna sy so smag./Bv. bl. 7: *Ek kyk net na die liggies.*/Bl. 13: *Ek hoop jy onthou dit ook. So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.*/Bl. 29: *Ek lê in die donker en luister na die musiek ... Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*

- **Meisie wys haar opstand teen haar omstandighede baie subtiel**, want sy weier om 'n vingerhoed te gebruik./sy plant rose voor haar venster./sy wil nie na haar pa se wit, benerige hand kyk nie. Omdat haar ma haar opstand/ontvredenheid ignoreer, breek sy uiteindelik saam met Konstabel weg./Bv. bl. 4: *Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.*/Bl. 26: *Ek ... het roosbome voor my venster geplant.*
- **Meisie word nie as mens/individu erken nie/ervaar geen identiteit nie**, want Miem (en alle ander mense) noem haar sommer net *Meisie*, in plaas daarvan om haar op haar naam te noem, iets wat Konstabel wel doen – hy gee haar die erkenning wat sy nooit by haar ma kry nie.Vir haar lyk wegbreek saam met Konstabel dan die regte ding om te doen./Bv. bl. 27: *Maar dis nie my regte naam nie.*
- **Meisie se ma is uiteindelik die een wat besef dat Konstabel moontlike troumateriaal vir Meisie is,** want sy smeer haar letterlik aan Konstabel af./skep vir Meisie en Konstabel die ideale geleentheid om alleen buite te gaan staan en planne te beraam. Vir Meisie lyk dit seker of sy reeds toestemming van haar ma het om saam met die man weg te loop./Bv. bl. 38: *Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit. KONSTABEL: Laat ek help.*
- **Meisie se kontak/fisiese aanraking deur Konstabel stel haar oop vir sy invloed/maak haar bewus van haar potensiaal as vrou**, want sy besef dat hy haar die erkenning/vryheid/opwinding waarna sy so smag, kan gee./haar manipulerende, dominerende, selfsugtige ma dwing haar behoorlik om Konstabel toe te laat om aan haar gesig, oë, nek en hare te vat. Konstabel bied haar dus feitlik alles waarna sy smag./Bl. 38: *Sy is mooi, nè?*
- **Meisie se omstandighede word moeiliker wanneer die Konstabel haar uitlok om oor die sirkus te praat**, want sy weet dis verkeerd./sy besef dit word 'n keuse tussen haar ma se voorskrifte en ongehoorsaamheid. Wanneer hy haar toelaat om oor die sirkus te praat, word die belofte van avontuur saam met Konstabel vir haar 'n uitnodiging om saam met hom weg te breek./Bv. bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie.*
- **In Konstabel vind Meisie 'n vriend wanneer sy die verbode vreugde van haar besoek aan die sirkus met hom deel**, want hy beloof, soos 'n vriend, om haar ma nie te vertel dat sy ongehoorsaam was nie wat haar laat dink dat wegloop saam met hom vir haar vreugde sal inhou./Bv. bl. 28: *Niemand sal ooit weet nie.*
- **Meisie se omstandighede word opwindend wanneer sy haar oopstel vir Konstabel se opdrag/skelm plan** en kaalvoet, in haar (te klein) aannemingsrok, by Konstabel aansluit nadat haar ma-hulle gaan slaap het as teken dat sy reeds besluit het om toe te gee aan die Konstabel se uitnodiging om weg te breek./Bv. bl. 50: *Meisie verskyn in die gangdeur. Sy is kaalvoet en dra haar aannemingsrok.*
- **Meisie se hunkering na veranderde omstandighede blyk duidelik uit haar rituele, betowerde dans**, want Konstabel skep vir haar die die geleentheid om weg te breek en sodoende vry te word./Bv. bl. 50: *Die KONSTABEL trek die baadjie stadig en met groot behae aan.*
- **Meisie hunker na 'n totale permanente bevryding van haar ma**, want sy verander in die slot na 'n betowerde, vry vlinder wat ligvoets voor die bevryder/Konstabel uitdans./Bv. bl. 51: *Sy breek skielik weg van hom.*
- **Meisie, die ongelukkige, gehoorsame dogter, verander in die slot na 'n bevryde, onafhanklike vrou**, want haar dans word al hoe uitbundiger./die betowerde, uitbundige dans in die slottoneel wys duidelik dat sy verander het./Bv. bl. 51: *Haar dans word uitbundiger.*/Bv. bl. 51: *Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*
- **Meisie se kaalvoetdans skep die indruk dat sy vry word van die aardse,** want sy dans uitbundig, betowerd, haar veranderende omstandighede tegemoet./Bv. bl. 51: *Jy het mos gesê sonder skoene.*/Bl. 51: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*
- **Meisie breek in die slot van haar onaangename, armoedige omstandighede los**, want sy dans uitbundig oor die drumpel as bewys dat sy saam met die Konstabel wegbreek./Bv. bl. 51: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Sy wil bevestig dat dit nie die moordenaar/ontvoerder/verkragter is nie. √<br>Gertie is nuuskierig./wil seker maak dis wel 'n konstabel. √ | 1<br>1 |
| 17.2 | Haar woorde dui aan sy bewonder die vreemdeling sonder dat sy iets van hom weet./bloot omdat hy 'n konstabel is. √<br>Haar dade dui aan dat sy mense op grond van hulle uiterlike./ kleredrag/houding beoordeel. √ | 1<br>1 |
| 17.3 | Ja<br>Sy is opgewonde oor die onverwagte besoek van die vreemde konstabel./<br>Sy is senuweeagtig./bang./paniekerig a.g.v. die moordenaar./verkragter./ ontvoerder buite./Miem se sig is swak. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 17.4 | Dit gee vir die regisseur/toneelspelers inligting oor die kleredrag (van Konstabel).<br>Dit gee inligting oor Konstabel wat op die verhoog moet verskyn.<br>Dit skep die illusie/versterk die illusie dat die vreemde konstabel blind is.<br>Dit verhoog die leser se spanning/nuuskierigheid/skep afwagting omdat almal wonder oor die groot leersak/wat in die groot leersak is.<br>Die neweteks werp lig op die ander karakters se optrede. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan. Die antwoorde moet op die konteks van toepassing gemaak word.* | 3 |
| 17.5 | Ja<br>Onmiddellik assosieer die leser/kyker die sirkusmusiek met die Konstabel./bose/gevaar buite die huis.<br>Dit beklemtoon die vryheid/avontuur/eksotiese buite die huis.<br>Dit herinner die leser/gehoor/kyker daaraan dat Meisie verbied is om na die musiek te luister.<br>Beklemtoon Miem se valsheid./wys dat die musiek nou nie vir Miem pla nie./dat die musiek haar net pla wanneer Meisie betrokke is. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 17.6 | Hulle behoort hom nie te vertrou nie./moet hom met agterdog bejeën. √<br><br>Hy het Meisie uitgesnuffel./uitgesnuffel dat hulle alleen/weerloos/'n sagte teiken is. √<br><br>Hulle dink hy het die vermoë om misdadigers uit te snuffel./om hulle te beskerm. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 17.7 | Mis beteken om verkeerd te kyk./nie raak te sien nie./verkeerd te verstaan/om jou te misgis. √ | 1 |
| 17.8 | Hy erken dat hy al baie rondgesnuffel het om uit te vind dat daar net twee vrouens in die afgeleë huis bly. √ | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 17.9 | Hy wil "voel" hoe Meisie lyk. √ | 1 |
| 17.10 | Meisie kry bloot opdrag om Konstabel toe te laat om aan haar te vat./Meisie kry opdrag om die Konstabel se vattery "met plesier" toe te laat./Meisie het geen keuse in wat van haar verwag word nie. √<br>Meisie se aanvanklike onwilligheid word met 'n dreigende houding/woorde tot niet gemaak. √ | 2 |
| 17.11 | Sy weier om 'n vingerhoed te gebruik.<br>Sy plant rose voor haar venster (om die stank van die mis te verdoesel).<br>Sy loop een nag weg om die sirkus te besoek.<br>Sy loer aanhoudend deur die venster na die liggies buite.<br>Sy vra Gertie uit oor wat sy by die sirkus beleef het (ten spyte daarvan dat die sirkus verbode is).<br>Sy het saam met die Konstabel weggeloop.<br>Meisie vertel vir die konstabel van die sirkus alhoewel sy nie daaroor mag oraat nie. √√√√<br><br>*Die kandidaat bied VIER voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 17.12 | Meisie: Hy manipuleer haar om hom te vertrou./om hom te vertel van haar eensaamheid./hy blind is./haar harde werk./haar lewe onder haar ma se ysterhand./haar smagting na vryheid en avontuur buite die huis./te glo dat sy by hom veilig sal wees./saam met hom weg te loop./hy vlei haar deur haar as juffrou aan te spreek./hy noem haar op haar naam. √<br><br>Miem: Hy manipuleer haar om te glo dat sy by hom veilig sal wees./dat hy blind is./haar eie seksuele frustrasies aan hom te openbaar./hom as moontlike skoonseun te oorweeg./Meisie buite by hom toe te laat./hom vergifnis te vra dat sy hom verdink het. √<br><br>Gertie: Hy manipuleer haar om te glo dat sy by hom veilig sal wees./hy blind is./'n konstabel is./dat hulle veilig is in sy teenwoordigheid./dat gevaar hulle bedreig wanneer hy nie daar is nie./om simpatiek teenoor hom te wees./dat sy hom aan tant Hannie laat dink./dat sy tant Hannie word. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou